Die Betroubare Woord

# *Leef Vorentoe*

Skrifstudies oor Hebreërs

Deur

Dr. D. Kempff

# Voorwoord

*DIE rykdom van die Skrif kom daarvandaan dat dit die Woord van God is. Dit is openbaring van die God wat self groot en heerlik is, terwyl sy werke, veral sy genade, omvattend en veelkleurig is. Om dié rede kan ons maar altyd weer die Bybel lees en steeds dinge vind wat nuut en wonderlik is. Geen mens sal tewens die volle diepte daarvan kan uitput nie.*

*Bybelstudie is 'n saak wat in ons tyd steeds meer belangstelling trek. Moontlik omdat kennis van die Skrif nie meer so gemeengoed is nie. Ook wel omdat tydsomstandighede mense daartoe dring om dieper in te grawe in wat God gegee het. Daarom reken ons om in hierdie behoefte te voorsien en hopelik meerdere in die rigting te beweeg.*

*Kennis van wat God geopenbaar het, is tog 'n onontbeerlike deel van die ware geloof. Die bedoeling is om studie in die Skrif self te stimuleer, ook gedagtig aan die waarheid: hoe meer jy oor die Bybel lees, hoe meer lees jy in die Bybel. En dit wil Skrifstudie wees, waarby lesers moet saamwerk: lees wat hier staan en die Bybel daarlangs te gebruik. Om eie Skrifkennis op te bou en geestelik verryk te word, desnoods in verdere bespreking in die gesin of 'n ander kring.*

*Ons handhaaf onverkort dat die Bybel God se Woord is. Maar gee ook aandag aan die skrywers en hulle omstandighede.*

# Inhoud


Voorwoord ... 2
Hebreërs — Agtergrond ... 5
Boek en belydenis ... 5
Nie gewoon nie ... 5
Wie was dit? ... 5
Was beslis in Grieks ... 6
Jerusalem of Rome ... 7
Hebreërs 1 ... 8
God besorg openbaring ... 8
Volheid en hoogtepunt ... 8
Sewevoudig ... 8
Seuns en engele ... 9
Christus is God ... 10
Hebreërs 2 ... 11
Groter gehoorsaamheid gevra ... 11
Heerlikheid van God en mens ... 11
Die pad áfgeloop ... 12
Hoe God werk ... 12
Die ware Verlosser ... 13
Hebreërs 3 ... 14
Moses en Jesus ... 14
Wees gewaarsku ... 15
Gee ag op mekaar ... 15
Voortgang wees ... 16
Groot struikelblok ... 16
Hebreërs 4:1-13 ... 17
Die rus ingaan ... 17
Nog ander rus ... 17
Belofte bly geldig ... 18
Rus van sonde ... 18
Hoor — en kies reg ... 19
Hebreërs 4:14 - 5:14 ... 20
Unieke godsdiens ... 20
God help — betyds ... 20
Les uit Skrifverlede ... 21
Middelaarswerk ... 21
Kind of volwassene? ... 22
Hebreërs 6 ... 23
Bou tog verder! ... 23
'n Tydige woord ... 23
Verlos — en verder gaan ... 24
Let op en volg na ... 24
Werklike troos ... 25
Hebreërs 7 ... 26
Sonderlinge aanduiding ... 26
Les uit geskiedenis ... 26
Melgisedek en Levi ... 27
Anders by Jesus? ... 27

Volkome ..................... 27
Groot kontras ..................... 28
Hebreërs 8 ..................... 29
Waar Christus is ..................... 29
Hemelse het voorrang ..................... 29
Twee kante bymekaar ..................... 30
Swak skakel ..................... 30
Nuwe so heerlik ..................... 30
Hebreërs 9:1-22 ..................... 32
Godsdiens se wese ..................... 32
God bepaal die plek ..................... 32
Die bediening ..................... 33
Uitwerking van offer ..................... 33
Verbond — Testament ..................... 33
Wat werklik werk ..................... 34
Hebreërs 9:23 - 10:18 ..................... 35
Verskynings ..................... 35
Christus voltooi ..................... 35
Herinner aan wat? ..................... 36
Verdere bewysmateriaal ..................... 36
Staan of sit ..................... 36
God praat klaar ..................... 37
Hebreërs 10:19-39 ..................... 38
Die pad is oop ..................... 38
Om nou en ewig te leef ..................... 38
Oortredings en oordele ..................... 39
Hebreërs weet eintlik al ..................... 39
Oog op die toekoms ..................... 40
Hebreërs 11 ..................... 41
Vastigheid gebied ..................... 41
Uit die daeraad ..................... 41
Sin van volksbestaan ..................... 42
Geloof en krisis ..................... 42
Oud en nuut saam ..................... 43
Hebreërs 12 ..................... 44
Die oog reg gerig ..................... 44
Aanhou en aanhou ..................... 44
Aanwys en afwys ..................... 45
Nog genadetyd ..................... 45
Nog 'n skudding ..................... 46
Hebreërs 13 ..................... 47
Lewe wat leer versier ..................... 47
Hulle bring die Woord ..................... 47
Genoeg en vas ..................... 48
Christus alles oortreffend ..................... 48
Offers wat God vra ..................... 49
Gebed en genade ..................... 49
BOEKE GERAADPLEEG EN OM TE GEBRU1K ..................... 50

# Hebreërs — Agtergrond

## Boek en belydenis

*Hebreërs* is 'n brief sonder 'n skrywer en 'n boek sonder lesers.

Hierdie raaiselagtige uitspraak moet natuurlik nader toegelig word, omdat dit in letterlike sin nie waar kan vrees nie. Tog is dit ewe waar as dié woorde dat Melgisedek nie vader of moeder of geslagsregister en nie lewens-begin en lewenseinde het nie (7:3). Wat dié teks presies inhou, sal ons mettertyd by stilstaan. Nou moet ons eers so 'n bietjie meer inligting oor die skrywer en agtergrond van hierdie Bybelboek bied.

Dit moet vermeld word dat die *Nederlandse Geloofsbelydenis* (art. 4) van *Hebreërs* as een van veertien briewe deur Paulus praat. Interessant dat *Calvyn* self op goeie gronde stel dat Paulus nie die skrywer was nie — terwyl sy standpunt grootliks agter die gedagtes van *Guido de Brès* lê. Die bedoeling van die NGB is in elk geval duidelik om *Hebreërs* as 'n erkende kanonieke boek te noem — soos wat ook sprake is van die Psalms van Dawid (waarin ook van Salomo, Asaf, Moses voorkom).

## Nie gewoon nie

Briewe het gewoonlik 'n sekere vaste vorm, al verskil die patroon daarvoor in verskillende eeue. Ons plaas die skrywer se naam onderaan. Destyds is dit eerste gestel (Hd. 15:23), soos ook blyk uit Paulus, Petrus, Johannes (2 en 3), Jakobus en Judas se briewe in die Skrif. Daarby het gekom die mens(e) aan wie die brief gaan en groete. So 'n aanhef ontbreek heeltemal by *Hebreërs* (kyk 1:1 en 1 *Johannes).* Tog is daar soos gebruiklik afsluitende seënwense en groete (Hb. 13:20 e.v.).

Daarmee word dit duidelik dat ons in sekere sin hier met 'n geskrif van gemengde voorkoms te doen het.

- Persoonlike bekendhede oor en weer met die omstandighede van die skrywer en lesers word veronderstel. Hulle het reeds met mekaar te doen gehad (anders as bv. Paulus en die Romeine, kyk Rom. 1:9 e.v.; 15:23v.), hy weet van hulle probleem-swakhede (Hb. 12:4) en hulle het 'n gemeenskaplike kontak in Timotheüs (13:23).
- Die aanhef van die briefvorm ontbreek egter heeltemal. Sommige verklaarders beweer dit kon weggeraak het, maar alle handskrifte en die hele opset getuig teen so 'n moontlikheid. Doelbewuste weglating (sê maar om redes van kerkvervolging) gaan ook nie juis op nie, gesien die noem van Timotheüs.

Daarom word gesê:

- Die skrywer moes al by die mense gewees het en hy voel gedring om sekere sake te stel en vermanings uit te spreek. Alhoewel hy hoop om hulle weer te sien (13:23), kan hy nie tot dan wag nie. Dis 'n persoonlike element.
- Die geskrif het iets van die geaardheid van 'n preek, soos wat hy dit al voor hulle kon gelewer het. Dan nie soos preke in ons tyd nie, maar meer in die vorm van Skrifbetoog of 'n homilie (kyk Petrus, Stefanus en Paulus, volgens Hand. 2, 3, 7, 13:16 e.v.). Dis weer 'n meer saaklike element in hierdie boek.

## Wie was dit?

Daar was al baie gissings en geskrifte oor wie nou die Hebreërboek geskryf het. En allerlei argumente word aangevoer.

✶ Die eerste standpunt was dat dit *Paulus* self was. Baie vroeg in die Christelike kerk word dit so aanvaar én verdedig.

— Net al die weglaat of verswyg van sy naam lewer probleme op, waar hy tog gewoonlik gesê het dat hy skryf, al is dit deur 'n sekretaris (Rm. 16:22).

— Uit die inhoud kom ook dié probleem dat die skrywer stel (2:3) dat hy nie hierdie dinge direk van die Here gehoor het nie, maar van/deur 'n ander een wat dit onmiddellik gehoor het. En Paulus het dit van die Here self gekry (Gal. 1:12; 1 Kor. 9:1). Daarom sien *Calvyn* geen rede waarom dit Paulus moet wees nie.

✶ Verder is as moontlike skrywer genoem *Barnabas* (Hd. 4:36; 11:22; 13:1). Hy was afkomstig uit Siprus, maar was in Noord-Afrika (Aleksandrië) goed bekend en as Leviet sou hy ook die Joodse wet goed geken het. Hy kon ook met Timotheüs saamgewerk het, al was dit na Paulus se dood.

✶ *Apollos* is deur *Luther* as waarskynlike skrywer vermeld. Sy Joodse agtergrond (Hd. 18:24) en verband met Efese (waar Timotheüs gewerk het, 1 Tm. 1:3) maak hom wel 'n kandidaat vir die skrywerspos.

✶ Redelik jonk is die mening dat dit *Aquila* en *Prisca* (of *Priscilla,* 'n verkleinwoord soos ons maak: Maria/Marietjie) kon gewees het (Hd. 18:2, 18v., 26; 2 Tm. 4:19). Hulle het bande met Paulus, Rome, Efese en Timotheüs . Dan sou 'n vrou 'n (mede-) skryfster van 'n Bybelboek kon wees (kyk hierby Rigt. 5; Spr. 31).

Origines het al gesê: *Net God weet wie die skrywer is.* En ons kan dit nog beaam. Maar al ken ons nie die skrywer nie, bly dit 'n geldige Bybelboek — soos daar andere ook is waarvan ons nie met sekerheid weet wie dit geskryf het nie (bv. Evangelies).

## Was beslis in Grieks

Die mense aan wie hierdie skrywe in die eerste plek gerig was, is ook nog steeds 'n onsekere faktor. By die ontbreek van die skrywersnaam in die begin, is ook die geadresseerdes of toegespreektes onvermeld. Tog kan sekere gegewens aan die inhoud van hierdie geskrif, ander Bybelboeke en gegewens uit die tradisie of omstandighede van toe ontleen word.

◇ Een van die jongste voorstelle is dat hierdie geskrif eintlik teen sekere beskouings van die sogenaamde Esseners ingaan. Dit kom uit meerdere kennis van hierdie Joodse splintergroep of sekte soos wat dit uit die Dooie-seerolle sou geblyk het. Dis egter nie so seker as wat voorgegee word nie. Daar is bepaalde raakvlakke tussen *Hebreërs* en dele van die Qumran-groep se leer, maar dit geld ook vir ander Joodse geskrifte. Lojaliteit aan die Wet (sterk by dié sekte) ontbreek egter heeltemal by Hebreërs.

◇ Die naam *Hebreërs* kom uit die tradisie. Daarmee sou dan aangedui word dat die geskrif aan Jode gerig is. Die bedoeling sou wees Hebreeus/Arameessprekende Christene wat uit die Joodse geloof na die kerk oorgegaan het (kyk Hd. 6:1; 2 Kor. 11:22; Filp. 3:5) — soos met Paulus en baie van sy tydgenote gebeur het.

◇ Allerlei gegewens in hierdie Bybelboek laat dink dat dit aan Jodechristene (teenoor Heiden-christene) gerig is. Die tabernakeldiens (bekend uit Ou Testament), priesters en offers kry 'n breë plek (Hb. 5 — 9). Van Israel se voorgeslag is sprake as van vaders (1:1; 3:9) — al kan Christene uit die heidene ook roem in Abraham (Rm. 4:12; Gal. 3:7), maar die hele verband is duidelik.

◇ Daarby sou dan gedink word aan 'n "Joodse" groep Christene wat iewers 'n soort van gemeenskap of gemeenteverband het en wat aan bepaalde gevare blootstaan. Dat aan hulle in Grieks geskryf word, is nie vreemd of onmoontlik nie, veral as dit buite Kanaän sou wees en gelet op die algemene gebruik van die Griekse taal in die Romeinse wêreld (Joh. 19:20; Hd. 21:37).

◇ Dit kan hierby genoem word dat daar 'n teorie bestaan dat *Paulus* hierdie geskrif in Aramees geskryf het, en dat *Lukas* dit in Grieks vertaal het. Baie sterk gegewens getuig

egter hierteen. Die Grieks van hierdie boek het sy eie struktuur, anders as *Paulus* of *Lukas* se gewone skryftrant, en loop parallel met die retoriese styl en kuns-prosa. Aanhalings is uit die Septuaginta (of LXX — Griekse vertaling van O.T.) en die hele argumentasie oor testament (9:15 e.v.) *moet* uit die Grieks vloei en is eintlik nie moontlik uit 'n Semitiese taal nie.

## Jerusalem of Rome

Die plek en tyd *waarheen* hierdie geskrif gestuur sou word, hang met die voorafgaande en met mekaar saam, en verdien aandag.

Oor die plek was daar met verloop van tyd ook al baie gissings. So is genoem:

❖ *Jerusalem* of iewers in Kanaän. Jodechristene sou daar beslis gevind kon word, maar onder hulle moet wel gewees het wat Jesus direk gehoor het en nie net deur andere, indirek (2:3) die ware Evangelie gehoor het nie. Die opset van die skrywe is in elk geval nie om te waarsku teen terugval in wettiese vorme nie maar eerder teen afval van die lewende God.

❖ Ander moontlikhede is *Efese, Korinte, Aleksandrië.* Veral die groete afkomstig vanaf mense uit Italië (13:24) lewer daarby nogal probleme vir dié plekke op.

❖ Uit vroeë tye al is sprake daarvan dat die aangesprokenes in *Rome* was en dat dit 'n bepaalde groep van Christene daar geld. Daar was baie Jode in Rome, in vroeëre en latere tye, en die moontlikheid van Jodechristene is dus goed. Ook is sprake (Rm. 16:5, 10, 14) van sogenaamde huisgemeentes. Indien Christene uit die Jode, juis as gevolg van teenstand en vervolgings (10:35 e.v.; 11; 12:7e.v.; 13:3) dreig om te verslap (6:le.v.) en van God af te val, moes hulle daaroor aangespreek word.

Dis veelseggend dat van die *tabernakel* gepraat word (9:2) en nêrens van *tempel* nie. Daaruit word afgelei dat die verwoesting van Jerusalem al gebeur het (was in 70 n.C). Met stelligheid is dit nie te sê nie, maar dis wel moontlik. Timotheüs leef nog en die mense is al 'n tydjie in die geloof (5:12). Aan die ander kant meld *Clemens Romanus* in sowat 96 iets uit hierdie geskrif. Daarom kan ons sê dat dit stellig ná 70 en voor 95 geskryf is. Sowat 80 n.C. sou wel kan pas.

Sommige sake wat hier terloops aangeraak is, sal in die loop van die behandeling van die hoofstukke meer aandag kry.

# Hebreërs 1

## God besorg openbaring

'n Goeie preek laat ons sommer in die eerste paar sinne weet waaroor dit gaan handel. So is dit met die skrywer van *Hebreërs* wat as 't ware met die deur in die huis val. Sy inleidende woorde dui aan waaroor hy hulle tot duidelikheid wil bring, om op grond daarvan praktiese riglyne te bied. Dis jammer dat ons huidige vertaling (1:1) nie so sterk soos die Grieks begin nie: *Baie keer en op baie maniere* ... of *Menigmaal en menigvoudig* ...

Daarmee kyk die skrywer terug op die rykdom en krag van God se openbaring in die Ou Bedeling en/of Ou Testament. Dit sê wel dat dit afgesluit is. Hiermee word nie gepraat oor verskillende kere en maniere wat dit *tot* profete gekom het nie (bv. drome, visioene, inspraak, bevele) maar *deur* die profete tot die vaders. Daar was immers troos, vermaning, lering (deur woorde en dade — 2 Kon. 2; Jer. 13; 19; 27; Eseg. 4; 12) en die hele opset van die offerdiens. Dink ook aan Christus se onderrig aan die Emmausgangers (Lk. 24:27).

Die band wat skrywer en leser bind, is duidelik. Hulle het saam deel aan dieselfde vaders (kyk Rm. 9:4) en openbaringe. Maar die verskil moet ook gesien word: *tot ons* is deur die Seun gepraat — dié Jodechristene wat nie by die oue bly vassteek het nie (Hd 3; 13:16 — 46).

Die openbaring in die Ou Bedeling was nie van minderwaardige gehalte of minder waar nie. Daarom het en gebruik ons vandag nog die Ou Testament. Tog was daar 'n ontwikkeling en ontplooiing in God se openbaringswerk — sodat die tekening van die komende Messias steeds duideliker word. Wel was die koms van die Seun 'n andersoortige en volle openbaring — waarheen die vorige gewys het. Die *eenheid* van openbaring kom ook uit die één God wat praat.

## Volheid en hoogtepunt

Die profete het in hulle tyd en omstandighede waardevolle en nodige dinge gesê. Dit het egter na die volheid van die tyd heengewys en heengelei (Gal. 4:4). Hier word nou (1:1) gestel dat God in *hier die laaste dae* deur sy Seun gepraat het. Die uitdrukking is al bekend in die Ou Testament (Gn. 49:1; Nm. 24:4; Dt. 4:30). Dis die tyd van vervulling van beloftes, veral oor die Messias, voor die einde. Daarmee dui die Nuwe Testament aan dat die dae ten einde loop, met geen verdere ingrype deur God behalwe met die einde nie (Hd. 2:17).

Die openbaring van God kom in die Seun tot 'n absolute hoogtepunt (1:1). Sommige verklaarders lees hierin dat *ná die openbaring in Christus geen nuwe openbaring meer sal volg nie* — soos Grosheide wat praat van 'n *afgelope spreke* (op grond van die werkwoordvorm). Dis wel lering van die Skrif, maar word nie direk hiér gesê nie. Dit gaan om dié teenstellings:

— deur profete/Seun

— tot die vaders/ons

— vorige spreke/nou tot ons.

In die Seun is volle openbaring deur God teenoor die stuksgewyse en herhalende met die profete.

## Sewevoudig

Hoe uitsonderlik God se spreke in/deur die Seun is, blyk oor wat alles daarby nog van die Seun gesê word (1:2 e.v.)- *Bruce* sien daarin 'n sewevoudige beskrywing:

- *Erfgenaam van alles* (kyk Ps. 2:8) wat die heelal en die komende wêreld omvat. 'n

Erfenis kom eintlik deurdat iemand sterf — en later word dié gedagte verder uitgewerk (9:lóe.v.). Hierin sit ook die idee van die kindskap (Rm. 8:17; Mt. 21:38).

- *Wêreld deur Hom gemaak* (Ps. 33:6; Joh. 1:3, 9; Kol. 1:16). Eintlik staan daar *die eene* en dit wys op wêreldgebeure, dus die aarde en sy geskiedenis. Die Seun is by die skepping en voortgang betrokke.
- *Afskynsel van sy heerlikheid* (kyk Spr. 8). Sonstrale kom van die son en het dieselfde karakter as die son (bring lig en warmte). So is dit met die Seun wat ewe heerlik as die Vader is en tog 'n eie bestaan het.
- *Afdruksel van sy wese.* Die eerste woord is eintlik "karakter": die afdruk word deur die stempel bepaal, stem daarmee ooreen, maar is tog los daarvan. So is die Seun dieselfde en wesensgelyk aan die Vader en tog met 'n eie karakter (kyk Geloofsbelydenis Athanasius).
- *Hy dra alle dinge.* Dit staan in die teenwoordige tyd: dit gebeur deurentyd. Hy onderhou die heelal deur krag wat van Hom uitgaan, soos woorde by 'n mens uitvloei (Kol. 1:17). Hierby die gedagte dat Hy dit 'n doel dra.
- *Hy het reiniging bewerk.* Dit wys terug na sy werk as Middelaar op aarde en bied in 'n paar woorde 'n samevatting van sy hele lewe en optrede (1 Tm. 1:15).
- *Hy het gaan sit.* Dis eintlik die hoofwerkwoord en beklemtoon: die Seun woon nou as verhoogde Middelaar in die hemel (kyk 1:13; 2 Sm. 7:18 — *gebly* of *gaan sit).* Die sprake van *Majesteit in die hoogte* kon daarvan kom dat die Jode nie die Here se Naam (Jhvh.) wou gebruik nie en dit met allerlei vervang het. Die hoogheid en verhewenheid van God én die Middelaar by Hom word in elk geval so beklemtoon.

*Calvyn* merk hierby pragtig op:

— Die Vader se heerlikheid is nie sigbaar nie totdat dit in Christus skyn (kyk Joh. 1:14).

— Sy majesteit is te sien soos dit in sy Seun afgedruk is (kyk Joh. 14:8e.v.).

— Die afskynsel is sienbare lig wat die oë kan verdra *i.* (kyk Joh. 1:18).

Die verhouding Vader/Seun (Middelaar) kom eintlik ter sprake vir die betekenis van die verlossingswerk en om die gelowiges te troos.

## Seuns en engele

Die hoogheid en voortreflikheid van die Seun bo die engele is 'n saak waaraan die skrywer baie aandag gee (1:4v.). Dis die slot van die inleiding en begin van die volgende — 'n stylaanwending wat meer in *Hebreërs* voorkom. Die engele was in die Ou Verbond die boodskappers van God en die Jode het ook besondere agting vir hulle gekoester (1:14). Nou word gestel hoe die Seun ver bo hulle uitgestyg het.

Die Seun het ná sy volbragte werk gaan sit (1:3; Hd. 2:33e.v.). Hoe sy posisie by dié troonsbestyging was, word gesê:

□ Hy is *beter (uitnemender) as die engele.* Die engele het heerlikheid voor God en hoort tot die hoogste wesens. Hy is nog méér.

□ Hy het 'n *uitstaande Naam geërf.* Die *erf* sê hier dat Hy reg daarop het en dit regmatig verkry het. Oorspronklik het Hy aanspraak op hoogheid (Filp. 2), maar sy werk het dit ook nog meegebring.

Daarna bring die skrywer bewyse aan uit die Skrif vir wat hy reeds gesê het, sodat die lesers werklik dit alles aanvaar. Hy ken die Skrifte en weet dat hulle dit erken.

□ Hy begin met 'n vraag (1:5) waarop hy as vanselfsprekende antwoord verwag: "Geeneen: daar is nie so 'n uitsonderlike engel nie". Die aanhaling is uit Psalm 2. Let op

die *het* Hy gesê: U *is* my Seun. Hier word gepraat van die ewige generasie. Die mens verwek 'n kind wat 'n bestaan apart van hom verkry. By God is Vader en Seun nooit weg, los van mekaar nie.

Engele is gesamentlik seuns genoem (Job 1:6), maar net van een geld dit in enkelvoud (Luk. 1:32).

- *Hy* bring die Eersgeborene in (1:6). Die *Hy* moet die Vader wees en *Eersgeborene* is Jesus Christus. Dis 'n eretitel en dui 'n besondere verhouding met die Vader aan (Rm. 8:29; Kol. 1:15). Die aanhaling kom in die Septuaginta (O.T. in Grieks) só voor in Deuteronomium 32:43 en bietjie anders in Psalm 97:7. Die *weer* bied vertalingsprobleme: *Sê God weer* of *bring Hy weer* die Seun in (wederkoms)? Dit gaan in elk geval om die hoogheid van die Seun bo engele.

## Christus is God

Kyk ons mooi na die aanhalings, dan merk ons nog die volgende op:

- Die grootheid en oorwig van die Seun in vergelyking met die engele is klaarblyklik. So handel vss. 7 en 14 oor die engele en tussenin gaan dit oor die Seun.
- Wat in die Ou Testament van God gesê is, word hier doodgewoon op die Seun oorgebring (1:10 — 12). By erkenning van die Godheid van die Seun lewer dit geen probleme nie (1:8, 9 en Ps. 45:7; 1:10 en Ps. 102:26).
- Die aandag val op die aarde, maar veral op die hemel, waar die engele besonderlik werk en voor God dien. Alles wat geskep is, kan vergaan — of soos 'n kleed opgerol en eenkant geskuif word (1:11, 12). Alleen God is ewig en werklik blywend.
- Die triomf van die Seun (Middelaar) ná sy volbragte werk en hemelvaart (1:3) word weer beklemtoon (1:13). Jesus en sy teenstanders het in elk geval beide die Psalm Messiaans bekyk (Mt. 22:41 e.v.). Ook Petrus het getoon dit geld van Christus (Hd. 2:33e.v.).
- Wat in 1:1 — 4 gestel is, word eintlik in 1:5 — 14 uit die Ou Testament bewys. Veral is duidelik dat die engele *onder* die Seun in eer en posisie is. Hulle is hoogstens dienende geeste. Hy is wel verneder en was nederig, maar het toe op grond van sy werk en as loon dié hoë posisie van die Vader ontvang. Deur Hom verkry verloste mense die saligheid en die engele is daar om hulle te dien (1:14).

Die gedagte in die laaste vers help as oorgang na die volgende uiteensetting waarby die saligheid en die engele verder ter sprake kom — om die heerlikheid van die Seun en sy werk verder aan die lig te bring en te beklemtoon.

# Hebreërs 2

## Groter gehoorsaamheid gevra

'n Wesenlike gevaar in die lewe van 'n Christen is dat die gelowige dinge vanselfsprekend neem en nie meer die genade van God waardeer nie. Dis die rede vir die ernstige *daarom* waarmee Hebreërs 2 begin — soos elders die waarskuwing oor die prysgee van die eerste liefde (Jer. 2:2; Opb. 2:4). Hier (Hb. 2:1) sit dalk nog dié beeld in: soos 'n skip aan die kaai vasmeer, moet die gelowige aan die Woord vashou — of anders deur die stroom meegesleur word en wegdryf.

Die boek begin deur te wys op die unieke en hoë openbaring in die Seun (1:le.v.). Dit dien as wegspringplek vir 'n verdere betoog — *daarom* (2:1), maar die saak geniet meerdere aandag. Die verskil tussen Ou en Nuwe Bedelings blyk uit die volgende:

✶ Die oue was al onwankelbaar of geldig, al is dit net deur engele gespreek, en ongehoorsaamheid is gepas gestraf. Dis stellig 'n verwysing na die gee van die Wet by Sinai en by implikasie van die Ou-Testamentiese openbaring. In *Exodus* hoor ons nie van die tussendiens van engele nie, maar die Septuagint praat van engele (by Dt. 33:2). Dit was ook Joodse tradisie (en kyk by Hd. 7:38, 53; Gal. 3:*19).* Hebreeuse lesers sou dit in elk geval aanvaar het.

✶ Nog sterker klem kry die saak waar ook die Here (Middelaar, Christus) hierdie woord verkondig het (2:3). Vir *saligheid* moet ons eintlik verstaan: *leer* of *boodskap van verlossing,* en by implikasie die redding self, minag (soos by Mt. 22:5 — nie daaraan *gesteur nie;* 1 Tm. 4:14 — *verwaarloos).* Is dit nie wat gebeur as ons van eredienste wegbly nie? Hierdie leer en/van verlossing is *bevestig* (dieselfde woord as onwankelbaar — 2:2) deur die direkte hoorders van Jesus (1 Jh. 1:1 — 4; 2 Pt. 1:16 — 18). Hierdie teks word beskou as 'n sterk bewysplek dat die skrywer self nie die Here Jesus geken het nie maar van 'n tweede geslag Christene was.

✶ Eers die engele, dan die Middelaar, eindelik in klimmende lyn God self wat vir die gesag van die verkondigde Woord instaan. Die Griekse woord sê letterlik: *saam bo-op getuig* en hou in: *bevestig.* Dis dan die draagwydte van die tekens en wonders aan en deur die apostels (Hd. 2:43; 3:6; 8:7; 9:40; 12:17; 19:6) en die besondere werkinge van die Gees.

Die verkondiging in Nieu-Testamentiese tyd is groter, heerliker, ryker as in die Ou Bedeling. Hier word die Wet nou gesien nié as staande teenoor die Evangelie nie (Gal. 3:10), maar as voorlopig en voorbereidend vir die volheid van openbaring in en deur die Seun (kyk 1 Pt. 1:12).

## Heerlikheid van God en mens

Die skrywer begin daarna *redegewend (want* — 2:5). Dit sluit aan by die voorafgaande en dui met versterking aan waarom die Seun voortrefliker as die engele is (kyk 1:4e.v.). Hierin kan ons op die volgende belangrike punte let.

◇ Die engele het wel met die huidige wêreld te doen (kyk Dan. 10:20, 21; 12:1; Ef. 6:12; die LXX by Deut. 32:8; Opb. 8). Maar hulle het geen seggenskap in die komende wêreld, na die wederkoms van Christus nie. Die Griekse woord *(ekumeny* — vandaar: ekumenies) sê bewoonde of mensewêreld.

◇ Daarvoor beroep hy hom op die Skrif. Dit kom uit Psalm 8, sonder om te sê waar dit staan of wie dit gesê het. Dis vir skrywer en lesers deel van God se Woord, en dus gesagvol. In dié psalm is nie direk sprake van die Middelaar nie, maar só word dit hier gelees — soos Christus gedoen het (Mt. 21:12e.v.).

◇ Dit gaan in dié psalm oor die heerlikheid van God en die mens se posisie daarby. In die

Hebreeus is sprake van: *Goddelike wese,* maar die Septuagint het vertaal met *engele.* Daarby kom dan wel die gedagte dat die mens deur die sonde minder as die engele geword het, bv. onder die mag van die dood.

◇ Dan is hier 'n mate van woord- en betekenisspeling of -verwisseling. Eers is sprake van die mens soos hy tans is, dan ook onder die mag van sonde en dood — met mens en mensekind (2:6) uit Hebreeus, maar bygedink: gebore, sterflik. Dan ook nog van die Seun van die mens (soos Jesus van Homself gepraat het — Dn. 7; Mt. 11:19). Daarby geld Psalm 8 eintlik en ten volle eers van Jesus Christus — in vernedering en oorwinning. Juis daaraan word vervolgens aandag gegee.

## Die pad áfgeloop

Die aandag word uit die woorde van Psalm 8 versit van die mens na dié Mens, die Here Jesus in sy koms en werk (2:8b, 9). Dit gaan om onderwerping van of heerskappy oor die skepping, meer in besonder die komende mense-wêreld (2:5, 8b). Adam, en die mense, moes geheers het, maar het deur die sonde gefaal. Daarom word die aandag en hoop gevestig op die tweede Adam (Rm. 5:15), die Here Christus. Let dan op die volgende belangrike punte:

❖ Christus was en is God (1:3, 5), maar Hy het daardie uitsonderlike status opgeoffer (Filp. 2) en Hom verneder om mens te word (Jh. 1:1, 14). Daardeur het Hy, wat meer as die engele is en bly, Hom vir 'n bepaalde saak en tyd onder die engele gestel (2:9). In Hom word Psalm 8 waar.

❖ Die *vanweë die lyde van die dood* kan by die vorige of volgende sinsdele gevoeg word. Dus dat mens-wees op die dood uitloop en/of dat die heerlikheid uit die dood kom. Dit kan 'n sondaarmens nie regkry nie.

❖ Die heerlikheid en eer wat die mens gehad en verloor het maar behoort te hê, word deur die werk van Christus daargestel en verkry. Sy heerlikheid veroorsaak juis dat sy lyde andere ten goede kom.

❖ Die opstanding of triomf oor die dood word nie genoem nie, maar is by die dood ingereken — soos Paulus ook net van *kruis* praat (1 Kor. 1:18, 23) terwyl die opstanding eintlik die probleme vir mense oplewer (Hd. 17:32; 23:6; 24:21, 26:23). Die heerlikheid kom in die opstanding al aan die lig.

❖ Daar is sprake (2:9) van die dood vir *elkeen* smaak. Dit sê nie *almal* nie (kyk 2:10: *baie),* maar dui aan dit is genoeg vir almal. (Kyk Jh. 3:16 — *elkeen wat glo).* Die *smaak* van die dood dui aan: Hy het dit geproe, in Hom soos kos opgeneem. Die *genade van* God beklemtoon dat en hoe God sy Seun in verlossing gegee het, heeltemal uit Homself, sonder verpligting, om mense sonder verdienste te red.

## Hoe God werk

Die werk van God Drie-enig kom telkemale in die Skrif na vore. Daar was deurentyd al sprake van die Seun of Middelaar (1:1, 5), ook van die Gees (2:4) en van die Vader (1:5; 2:4). Nou word weer met redegewende verband *(want)* oor God of die Vader gepraat (2:10). Hy gee en stuur die Seun. Hier is sprake van *betaam* of van wat *pas by Hom,* ooreenstem met sy waardigheid. Tereg sê *Bruce:* Die enigste manier om te bepaal wat by God pas, is om te kyk wat Hy gedoen het. Dus nie om daaroor te redeneer of te bespiegel nie.

God praat nie net oor verlossing nie (beloftes, woord), maar Hy *gee* en *doen* dit. Hy is *Skepper*, maar dra ook sorg vir verlossing. In die lyde van Christus is God se hart geopenbaar. Die *bewerker* wys op Jesus en dit sê iets soos: *baanbreker, pionier* — en dis tog Hy wat eersteling uit die dode is (1 Kor. 15:20). So kom hulle agter Hom en saam met Hom as die Hoof in die heerlikheid in. Maar dit het Jesus die lydenspad laat loop. Treffend

dat die woord *volmaak* dieselfde grondwoord is oor die vervulling van die Skrifte (Jh. 19:28) en die volbring aan die kruis (Jh. 19:30).

Die *een uit wie almal is* (2:11) word soms gelees as siende op Abraham, maar geld seker beter as van *God.* Die Middelaar is unieke Seun (1:3), maar deur Hom word die gelowiges weer kinders van God (2:11). Hy verander nie net hulle posisie voor God nie, maar gaan verder om hulle te heilig — te bevry van sondesmet en dat hulle voor God kan kom. Hy stel Hom op een lyn met diegene wat Hy verlos — Hy noem hulle broeders. Dit hou nog nie in dat verloste mense te eie of familiêr oor en tot Hom mag praat nie.

Die aanhalings (2:12, 13) as bewys kom uit Psalm 22:23, wat gepas is by/van Christus (dink aan Godverlatenheid — Ps. 22:1). Verder kom dit waarskynlik uit Jesaja 8:17, 18, terwyl die *en verder* net ingevoeg is om te beklemtoon. Dit dui op Christus onder sy volk, en dien as oorgang tot 'n volgende saak.

## Die ware Verlosser

Die sprake van *kinders* gee aanleiding om oor Christus se kindskap of vleeswording te handel (2:14e.v.). Jesus is een met sy volk, maar dan moet Hy dit inderdaad wees. Deur die sonde is dit asof Satan mag of beskikking oor die dood het. Daarmee verkneg of verslaaf hy mense. Indien Jesus werklik wou bevry, moes Hy ook in die dood in en daarvoor vooraf in die vlees gekom het om te kan sterf.

Daarby (2:16) kom dan weer die *engele* ter sprake (1:4, 7, 13; 2:2, 5). Sy verlossingswerk is nie vir hulle nie, maar geld die geslag van Abraham — dit geld dan dié wat uit hom afstam, maar ook almal wat deur die geloof in die seëninge van die verbond deel (Gal. 3). Die *bekommer* is elders (8:9) *aan die hand neem.*

'n Priester moet één wees met die volk vir wie hy voor God verskyn; dat Hy hoëpriester is, herinner aan die Ou-Testamentiese diens en sê Hy is die ewige en ware priester. Deurdat Hy self gely het, ken Christus uit ervaring die diepste nood van die mens — en Hy sal dus ontfermend wees teenoor dié wat in nood is. En Hy het volgehou tot die uiterste en so sy getrouheid bewys. Juis Hy is tot die uiterste toe versoek of beproef — deur die duiwel self, ook deur sy dissipels — en daarom geen beter een om sondaarmense te help en verlos nie.

# Hebreërs 3

## Moses en Jesus

Die uitstaande en allesoortreffende karakter van die werk van die Here Jesus móét aan die lig kom. Dis die bedoeling van die skrywer van *Hebreërs.* Die opset is dus om daardeur te waarsku en te bemoedig. Eers is die Seun met die *engele* vergelyk (Hb. 1 en 2). Nou kom *Moses* aan die beurt — terwyl, volgens Joodse beskouings, hulle leerlinge van Moses was (Jh. 9:28) en die rabbyne gereken het dat Moses die engele oortref (kyk Nm. 12:7, 8). Word die Hebreërs oortuig dat Christus méér as Moses is, dan sal hulle nie so maklik na die Joodse geloof of Judaïsme teruggeval nie.

Nou vir die eerste keer word die lesers aangespreek, soos in 'n brief — of 'n preek (3:1). *Heiliges* en *broeders* kom meer voor (1 Kor. 1:2; Gal. 1:11), nie so direk verbind nie (kyk Kol. 1:2). Die heiligheid is deur die werk van Christus (1 Kor. 1:30; 6:11), en was pas tevore ter sprake (Hb. 2:11). Daarom is dit gepas om van *hemelse roeping* te praat, waaroor die vorige uiteensetting vol was: dat God met sy volk te doen het (kyk Filp. 3:14; 2 Tess. 2:14). Nuut is die woord dat Christus *apostel* is, maar die gedagte is bekend, want dit sê: *uitgestuur* (Jh. 3:34; 17:18). Sy werk as *Hoëpriester* is bekend (2:17). Dit kan ook só gelees word: Apostel kom van God na mense; hoëpriester gaan namens mense na God. So spreek hulle dit uit of bely dit — nie as mening nie, maar van wat werklik is.

Die een gedagte lei na die volgende — en meteen word duidelik dat godsdiens nie net *gevoel* is nie, omdat die regte insig of verstand 'n groot rol speel. Die sprake van roeping en apostel laat vanself dink aan die Vader wat sy Seun gestuur het (3:2). Byna vanself sprekend betrek die skrywer dan Moses — ook genoem die middelaar van die Ou Verbond (Gal. 3:19). God het aan hom baie toevertrou en vermeld sy getrouheid (Nm. 12:7; 1 Sm. 12:6e.v.); hy was 'n groot profeet (Dt. 34:10), dog het ook gepraat van dié Profeet wat kom (Dt. 18). In God se huis het Moses diens gelewer, ook daarin dat hy homself wou prysgee (Ex. 32:32) — en dit kón hy nie doen nie, maar het Jesus Christus wel tot verlossing gedoen (2:9).

**Gebou en bouer**

Oplettendheid en dinkwerk is noodsaaklik om *Hebreërs* te verstaan — veral vanweë die vervlegtheid en opeenvolging van gedagtes. Daar is teruggegryp op Moses, met 'n aanhaling oor hoe hy *in* die huis gedien het. Sy knegskap, as dienaar, ontvang dan beklemtoning (kyk Ex. 14:31) en God het *direk* met Moses gepraat, sonder tussengangers.

Die voortreflikheid van die Middelaar Jesus word dan voortgaande toegelig:

- Moses was *in* die huis werksaam, terwyl die Here Jesus *oor* die huis (3:5, 6) getrou was.
- Verder oortref hy Moses in dié mate wat die bouer mag het oor en dus groter is as die huis wat deur hom opgerig word (3:3).
- Dan gaan dit nie net oor die gebou van die Godsvolk nie (Israel en kerk), maar oor God wat alles geskep het. Hier word die Seun of Christus ook weer as God beskou (1:8).
- Moses was wel profeet om te spreek oor nog komende openbaringe (3:5; Dt. 18:18, 19). Daarin lê moontlik 'n verwysing na die tent van samekoms of van getuienis (kyk Nm. 12:4 e.v.; Hd. 7:44). Alles van die Ou Verbond spreek al van/na die volheid toe (1:1; 3:3) en daarin was die Seun werksaam. Tog het sy verskyning die volheid van God se openbaring gebring en bewerk.

Die *huis* dui dalk meerdere dinge aan, maar die hoofsaak is tog maar die bouer *en* eienaar daarvan: God deur die Seun. Dit is die Christene: *huis* of woonplek van God (3:6; 1 Kor. 3:16). En dis gemaak of gebou deur God se genadewerk in Christus. Daarom sê die *as* ( ... *ons vashou)* nie dat dit 'n voorwaarde is nie — so van: *alleen as julle dit doen, is julle huis.*

Wel spreek dit van doen uit dank en so tot sekerheid kom. Anders bly ons verlossing van óns werk afhanklik. Die *vrymoedigheid* sien op openlike toetrede tot God (4: 16; 10: 19). Die *roem* is op God gerig soos blyk uit die verbinding met *hoop:* daar word gejuig in die sekerheid wat God bied. Die Christenlewe is gekenmerk deur spanningsvolle vashou met ingeboude sekerheid.

## Wees gewaarsku

Dis nodig om te vermaan. Om krag aan sy woorde te gee, haal hy uit die Ou Testament aan. Wie van die skrywer wil verskil, is dus in botsing met dié Woord. Hy gebruik Psalm 95 en sê die Heilige Gees praat daarin (3:7; 10:15). In die Ou Testament is dit dus nie mense wat praat nie, maar die Gees vir alle tye.

Psalm 95 het twee dele: aanbidding van God (1 — 7a) en waarskuwing teen ongehoorsaamheid (7b — 11), maar hulle is verbind — ware aanbidding word deur gehoorsaamheid gekenmerk. Hier (3:7 — 11) is net die waarskuwing, maar die ander kan veronderstel word. Let maar op die begin: *Daarom*... of: terwyl God in Christus uitlei en oorlaai met seëninge (kyk Luk. 9:31 — uitgang is *exodus;* 1 Kor. 5:7b; 10:4b). Meer as Moses het gekom, sodat wegdraai van Hom af erger straf as in die woestyn bring.

Interessant dat *Massa* en *Meriba* (Ps. 95) se betekenis hier aangedui word: *verbittering* en *versoeking.* Dit slaan op meer as twee plekke of gebeure, en dui aan die ongeloof en ongeduld van die volk met die woestynreis en weiering om in Kanaän in te trek. Hulle het talle wonders gesien, maar geweier om te glo — en hoeveel heerliker is die openbaring in Christus!

Die rus (3:11) wys op die ingaan in die beloofde land (kyk Nm. 14:28v.; Dt. 12:9v.; Jos. 21:44).

## Gee ag op mekaar

Die aanloop uit die Ou Testament (3:7 — 11) is om by 'n waarskuwing aan die lesers uit te kom. Die *Daarom* (3:7) vind dus eintlik sy spits of gevolg in: *Sorg daarvoor* (3:12), met die aanhaling uit die Skrif tussenin. En weer die direkte aanspraak: *Broeders* (waarby die *susters* bygereken is — (kyk Kol. 1:2 en 3:18). Op grond van wat God deur sy genade *gee* (Indikatief), *beveel* Hy ook Christene (Imperatief) om hulle kant te bring, in toegewyde dankbaarheid.

*Sorg daarvoor* sê eintlik: *Kyk goed uit* — met 'n geestelike oog wat eie dwalings raaksien en by medegelowiges ook. Belangrik is nie net die slegte hart nie, maar dat daar *ongeloof* in die spel is — soos Israel in Egipte gesien het hoe God help en Hom tog bly terg het. Die einde van dié pad is *afval* van God — en dit hou in die idee van *rebellie,* die vertrek van en prysgee van jou posisie (hier as Christen in die geloof). Dis ook nie iets wat sommer eensklaps daar is nie, maar gewoonlik so geleidelik verloop en tog 'n stelselmatige prysgee van iets inhou.

Daarom is die *onderlinge vermaning* (3:13) onontbeerlik. Dit moet vandag gedoen word — en nie na môre uitgestel word nie. Elke dag *is* 'n volle leeftyd, omdat ons nie oor môre beskik nie. Die *vermaan* is dieselfde woord wat vir hulpsoek by Jesus en die Trooster gebruik word. Dus nie uit die hoogte oor andere (om die kop te was) nie, maar bemoedigend aanspreek. Daarin sit onderlinge hulpverlening en Christelike eenheid. Sonde is 'n daaglikse probleem en moet dus sodanige aandag van Christene kry.

Sonde mag nooit vertroetel word nie, want dit mislei selfs al lyk dit in die begin goed. Hoe erg is dit as die mens nie meer kán hoor nie (Jes. 6:9e.v.; Mt. 13:13v.; Hd. 28:25v.).

## Voortgang wees

God het sy hand op gelowiges gelê en hulle so deur die werking van sy Gees in sy roeping laat deel (3:1). Nou kom die skrywer terug op die deel hê aan of deelgenootskap in Christus (3:14). Hulle is in Christus ingelyf. (Let op verwisseling van *ons* — 3:1, 14 en *julle* — 3:12, by vermaning.) Met Christus deel Christene in die rykdomme van God se genade en van sy koninkryk.

Dan is daar weer die *as* of *wanneer.* Dit sê nie: ons sal later aan die einde Christus verkry nie — want dit stel die verlossing afhanklik van mensewerk. Maar dit dui aan *hoe* ons moet aanhou en hoe ware deelgenote van Christus herken kan word. Maar die mens het die roeping om die begin(sel) op te pas en te versorg — dat dit leef en groei, dat die geloof steeds meer gevolge kan hê en toeneem (12:1, 12 —15). 'n Saadjie wat ontkiem het en net klein bly, is mos siek. Die geloofsplant moet groei — soos 'n loot op die stam blare en vrugte voortbring.

Calvyn beduie al van mense wat sê: Wat kan die mens nog meer wens as hy Christus gevind het? Maar as jy die Evangelie aangeneem het, het jy nog nie die hoogste spits bereik nie.

## Groot struikelblok

Die saak word duidelik by die lesers tuisgebring deur weer op die Israeliete in die woestyn terug te gryp (kyk 3:7, 8 en 15). Die skrywer stel vrae om die aandag te lei:

✶ 3:16 — *Wie* het gehoor?

✶ 3:17 — *Op wie* was God vertoornd?

✶ 3:18 — *Aan wie* het Hy gesweer?

Hierby weet ons dat dit heenwys na die ongehoorsame volk wat ten spyte van God se wonderdade en sy beloftes nie geglo het Hy sal hulle in Kanaän inlei nie. Daarom het almal bo 20 jaar — of wat al kon oordeel — gesterf (Nm. 14:29). Die *almal* (3:16) word nader aangedui as: *hulle wat gesondig het* (3:17) en wat *ongehoorsaam* was (3:18). Daarmee was Kaleb en Josua uitgesluit.

Die betekenis van alles trek saam in die aanduiding dat *ongeloof* (3:19) wesenlik die groot struikelblok was. Hierdie woord staan heel laaste in die hoofstuk, om as't ware alle aandag daarop te laat toespits. Die bedoeling is duidelik: Om nou van Christus weg te draai, is natuurlik ook en juis ongeloof. Toe het dit nog om 'n aardse land gegaan, maar nou om 'n ewige erfenis.

Wie in die geloof staan, mag nooit verslap nie.

# Hebreërs 4:1-13

## Die rus ingaan

'n Woord kan soms meerdere betekenisse hê — afhangende van sy verband en draagwydte. So is *wind* en *gees* dieselfde woord in die Bybeltale (kyk Joh. 3). Hier in *Hebreërs 4* word *rus* gebruik, maar dan met 'n verskeidenheid van aanduidings — en eers deur hulle te onderskei en opmekaar te pak, sal ons die volle rykdom wat die skrywer wil bring, verstaan.

Die skrywer wil die voortreflike van Christus en sy werk stel, sodat die Hebreeuse lesers nie op die afgedane Ou Bedeling teruggryp nie (3:1 — 6). Daarin het hy gepraat oor Moses en die volk wat nie wou hoor en glo nie — en nie in die rus ingegaan het nie (3:7—19). Nou brei hy heelwat oor hierdie rus uit (4:le.v.). Uit die verlede knoop hy vermaning en aansporing vir die hede vas.

Die Israeliete het almal uit Egipte weggetrek en op die pad begin loop (3:16). Maar nie almal het in Kanaän ingetrek nie (3:17). Dis dan die *eerste gestalte van die rus* wat ter sprake is: intrek in Beloofde Land en nie meer aanvalle van vyande nie (Dt. 12:10). Dit is nie maar net iets wat sommer gebeur het of aan natuurlike oorsake gewyt moet word nie — dit was deur 'n oordeelsuitspraak van God (4:3) dat hulle buite gebly het.

Die rede hiervoor is dan ook duidelik. Hulle het die woord van die prediking gehoor (4:2) — in God se spreke deur Moses en in sy dade wat sekerheid by die woorde kon gebied het. So wou hulle nie Kaleb en Josua se prediking aanvaar nie (Num. 14:6e.v.). Daarom word gesê dié woord het hulle nie gebaat (kyk 13:9 — geen voordeel) nie. Die eintlike rede is ongeloof (3:19) of dat die geloof *nie* met die woorde *verenig was* nie. Hier word baie duidelik beklemtoon die verantwoordelikheid van die gelowiges om die woorde op te neem, in te neem, uit te voer (kyk Ex. 19:3 —6; 23:20, 21).

Daarby gaan dit nie oor die geskiedenis as 'n interessantheid nie, maar sodat die huidige hoorders (of lesers) nie dieselfde fout maak nie (4:1). Hulle moet *vrees* — dis nie die skrik van die goddelose voor God nie (1 Joh. 4:18), dog ware Godsvrees wat nugter is en voor God buig. Die gevaar is om *agter te bly,* soos diegene wat in die woestyn gesterf het. *Hulle wat glo, gaan die rus in* — nou hierdie geslag en hulle is *eintlik besig om in te gaan* (kyk Mt. 11:28). Teenoor dreiging vir die afvalliges, is daar heerlike beloftes vir die wat glo.

Israel wóú nie hoor nie. Daardie Hebreërs uit latere eeue kry nog 'n kans om God se rus te bekom. So is dit vandag nog — vir dié wat glo en gehoorsaam.

## Nog ander rus

'n Hoogsbelangrike waarheid is: God se werk word nie ongedaan gemaak deurdat die Israeliete nie wou hoor en die rus ingaan nie. Die skrywer sê tereg dat God se werke vanaf die begin volbring is (4:3). Dit hou die volgende in:

- Die rus van Kanaän is betekenisvol, maar iets meer lê daaragter en daaraan ten grondslag. God het by/na sy skeppingswerk gerus. Wat Hy geniet, wil Hy aan die mense deurgee.
- Dis nie iets wat die mens neem nie, maar wat God gee en is omvattender as een tyd en een land of volk.

Daarom word nou op die skepping en die rus (4:4) teruggegryp. Die Skrif word aangehaal (Gen. 2:2) deur te meld: *Hy (God) het gesê.* Na die ses dae se werk het God op die sewende gerus. Dit beteken nie dat God niks doen nie (kyk Joh. 5:17), maar dui eerder aan 'n voltooidheid, bevrediging, dus 'n besondere "toestand" van God. Daar was dus rus van God voor die sondeval. As gevolg van die sonde kan ook die rus wat God bied, die mens

ontgaan — wanneer God as oordeel oor optrede of ongeloof dit so laat kom (4:5). En deur die sonde kry die rus ook 'n ander betekenis — veral ook daardeur dat dit by die opstandige mens kan verbygaan.

## Belofte bly geldig

God het 'n belofte gemaak dat sy volk in sy rus sal ingaan (4:1). Toe het daar 'n verdeling gekom tussen

❖ die wat in die land van rus ingegaan het

❖ en dié wat dit nie verkry het nie.

Interessant dat gesê word: aan hulle is die evangelie verkondig (4:6 en 2). Dit wys wel op die eenheid van die Ou en Nuwe Verbond ook in dié sin: die goeie nuus (= evangelie) kom steeds van God af. Nie elkeen wat dus die goeie boodskap verneem, neem dit aan nie (Lukas 8:4-15).

Nou gryp die skrywer weer (4:7) terug na Psalm 95. Hy sê dis Dawid wat daar praat (volgens Septuaginta). Eintlik is dit God wat deur mense praat (kyk 3:7) en is dit nie so gewigtig wie die menslike outeur is deur wie Hy sy woorde laat kom nie. Dit word aangedui as *vandag* wat 'n baie belangrike saak is:

✶ Indien dit in Josua se tyd voltooi is, sou God se belofte nie in Dawid se tyd (Ps. 95) as 'n *vandag* of belofte *in die hede* herhaal kon word nie (kyk 4:8).

✶ Terwyl die belofte geldig gebly het en as die *vandag* vanaf Moses na Dawid se tyd kon oorgestaan het, is daar ook geen beswaar om dit eeue later nog as geldig te beskou nie. Wat by Moses en Dawid betekenis gehad het, is nog waar ná Christus en in die verhouding tussen hierdie skrywer en sy lesers.

Die saak is dat Josua wel aan 'n deel van die volk rus besorg het — terwyl andere dit nie gekry het nie. Tog was die volheid daarvan nog uitstaande. Daarom kon Dawid die belofte in sy tyd weer vir vandag herbevestig. Veelseggend dat hier (4:8) in die Grieks staan: *Jesus.* Dis net die Griekse vorm van Josua (soos Saulus word Paulus). Tog was dit Jesus as Engel of Seun wat agter en deur Josua ingelei het (Ex. 23:20, 21).

## Rus van sonde

Die bedoeling van die skrywer is om sy lesers weer eens uit die kontras van oue en nuwe te bind aan die geloof in Christus en alles wat daarmee saamhang. Daar was rus in die Ou Bedeling — vir intog, teruggrypend op God se rus, en by Dawid. Nog is dit nie die einde nie (4:9).

◇ *Daar bly 'n Sabbatsrus oor.* Hier word in die Grieks 'n besondere woord gebruik wat direk aan die Hebreeuse *Sabbat* ontleen is. Dit sluit by Israel se geskiedenis en die wetgewing aan en wys daarmee ook op die skepping.

◇ *Dis vir die volk van God.* Dis dan nie meer Israel en Kanaän nie, maar wys op die gelowiges en die verkryging van 'n ewige erfenis.

◇ Die *nalaat van* of *rus van sy werke* (4:10) bevat 'n sinspeling op die aflê van die werke van die sonde. Eers as die mens dit bereik het, sal hy waarlik rus geniet. Vanselfsprekend kan dit alleen deur (die geloof in) Christus en in die ewige lewe wees.

Let goed op dat eers (4:3) sprake is van: *ons gaan in,* en nou (4:11) dat daar nodig is 'n *beywer om in te gaan.* Dit is ook so: ons is reeds deur Christus (rus) verlos, maar ons wag nog op die volheid en moet daarvoor *toesien* dat ons die geloof behou (vir *beywer* kyk ook Ef. 4:3; 2 Tm. 2:15; 2 Pt. 1:10; 3:14). Terwyl die finale punt of doel nog nie bereik is, kan daar nooit verslap word nie en moet die geloofswaaksaamheid altyd daar wees.

Baie Israeliete het die uittog begin en daarby God se groot dade gesien, maar tog langs die pad bly lê en nie in die basiese rus van Kanaän ingegaan nie. Ook die lesers het begin deur te rus in die verlossing deur Christus bewerk (Mt. 11:28v.; Joh. 14:6). Maar as hulle nou op die Judaïsme teruggryp, is dit ongeloof en sal hulle nie die ewige rus ingaan nie. Presies hoe Christus dié rus verwerf en gewaarborg het, sal nog verder in die *Hebreërboek* ontvou word.

## Hoor — en kies reg

Alles wat in die eerste deel staan (4:1 — 11) vind sy bevestiging of rede in wat van die woord van God bygevoeg (4:12) en wat daarby van God gesê word (4:13). (Dis wel nodig om daarop te let hoe dikwels die redegewende *want* in *Hebreërs* voorkom. 'n Duidelike bewys nie net van die styl van die skrywer nie — kyk die *en* by Lukas — maar ook hoe hy probeer om sy lesers te oortuig, te oorreed. Bekering is ook: *om 'n saak anders in te sien.)* Waarskynlik gee die skrywer hierby 'n aanhaling van 'n bekende uitspraak of selfs 'n lied, soos ook blyk uit die speel met woorde.

❖ Die woord van God is *lewend en kragtig* — gevul met Goddelike polsing en energie (Hd. 7:38; Jh. 6:63; Dt. 32:47; 1 Pt. 1:23), en dus nie leeg of vrugteloos nie.

❖ *Skerper as 'n swaard met twee snykante* — wat rondgeswaai word en van enige kant tref. *Skerper* as so 'n swaard is die woord.

❖ *Dit dring deur... siel/gees,* ook *gewrig/murg.* Selfs die onskeibare in die geestelike of liggaamlike mensbestaan is nie vir die werking van die woord ondeurdringbaar nie. Die diepste skuilhoeke is geen oninneembare vesting nie.

❖ *Oorlegginge en gedagtes van hart.* Dit wat as sentrum van die menslike lewe gereken word en waar die beginsels is, word selfs deurdring.

Geld al hierdie dinge al van die *Woord* van God — soos dit verkondig word volgens wat Hy die getuienis gegee het — dan is dit seker dat voor God *self* niks weggesteek kan word nie (4:13). Voor Hom is dit *oop* (of *kaal, sonder kleed)* en *bloot* (dalk soos die nek van 'n skaap voor dit geslag word).

Die skrywer sê hier nou duidelik: Die mens moet met sy woord die regte *antwoord* gee op die woord wat van Gód kom. Sal die lesers in die vandag van destyds reg kies? — Christus en die geloof en ewige rus? Of wil hulle weer ongehoorsaam wees en in ongeloof God in Christus afwys — en die lewensrus mis?

Nou is dit gelukkig nog steeds *vandag* — tyd om te kies, tyd waarin ons reg moet kies. Die geloof alleen bring lewe!

# Hebreërs 4:14 - 5:14

## Unieke godsdiens

Die skrywer van *Hebreërs* laat 'n gedagte ontwikkel, maar hanteer dit ook soos iemand wat 'n bal van die een hand na die ander laat beweeg: gryp dit, skiet dit weg en vang dit weer. So was hy al besig met die saak van die hoëpriester (2:17; 3:1) en toe kom Moses en die rus daarby ter sprake. Maar nou pak hy weer Christus se hoëpriesterskap (4:lóe.v.), om dit later verder uit te bou (7:le.v.).

Alle nadruk val nou op die *ons het* 'n hoëpriester (4:16). Dit hou in dat Hy gegee is (3:2; 5:4), maar dien ook as wegspringplek om 'n opdrag te ontvang *(laat ons* — 4:14, 16). Hier is die enigste plek wat sprake is van 'n *groot hoëpriester* (kyk ook 10:21 en 13:20) — Hy oortref Moses en Aaron beslis. Dit blyk uit wat Hy afgehandel het — ná sy werk het Hy *deur die hemele* gegaan. Die hemelvaart en magsaanvaarding van Christus (Mk. 16:19; Mt. 28:18) kom in die gedagte — soos die hoëpriester deur allerlei dele van die tabernakel tot die binneste heiligdom moes gaan, om daar voor God te offer. Wie is Hy? Jesus die Seun van God (Lk. 1:31v.), en nou nie Josua, seun van Nun (4:8) nie.

Jesus het bely dat Hy die Seun van God is en gekom het om die wil van die Vader te doen. Daardeur het ons kinders van God geword, en die verlostes moet die belydenis van verlossing deur Christus onwrikbaar vashou (4:14; kyk 3:1). Hierby kom die gedagte dat Jesus nie net die band met God het nie, maar as priester ook by/ saam met mense is (4:15; 2:17). Hy staan dus ook aan óns kant. Daarin dat Hy deur o n s tyd en lewe en dood gegaan het, is Hy werklik een wat kán help. Dit maak die Christelike beskouing van God heeltemal anders as dié van ander godsdienste:

— Die Jode het gereken God is heilig, dus anders en vreemd aan alle menslike ervaring.

— Die Grieke het die gode as gevoelloos of afsydig beskou.

— Hier blyk weer: God het mense en die wêreld lief en sy Seun het werklik medelye, omdat Hy alles intens meegemaak het. Wel is Jesus sonder sonde, maar sy versoeking was eintlik erger deurdat Hy nie in die proses ingegee het soos wat mense gewoonlik doen nie. En juis omdat Hy bly staan het, kan Hy verlos.

## God help — betyds

Die gedagte kan wees dat die Hoëpriester so hoog is dat toegang na Hom of God bykans onmoontlik is. Daarom verseker die skrywer dat Hy juis die pad vir die gelowiges oopgemaak het:

✶ Daar is 'n *troon,* maar deur die intrede van die Hoëpriester word daar *genade* gevind en is daar geen verskrikking nie (kyk 12:19).

✶ Daarom kan die gelowiges met *vrymoedigheid* nadertree (10:19, 22), want deur Jesus gaan genade na mense toe uit.

✶ Die *gaan na* laat dink aan die werk van die priester tot in die binneste van die heiligdom (Lv. 21:17; Nm. 16:40), wat nou vir elke lid van die gemeente geld (Ex. 16:9; 1 Pt. 2:9).

✶ Hulle verkry *barmhartigheid* (dat God se toorn gestil is) en *genade* (aangeneem deur God).

✶ Die *regte tyd* dui aan dat God presies wanneer nodig, soos Hy dit doen, sy kinders help (Ps. 104:27; Lk. 14:12e.v.). Dit kan wees dat hierin die gedagte skuil dat die lesers in sware versoeking is of kom — en kan weet God kom betyds.

Die Hebreërs word daarop gewys dat hulle hulle toevlug na God in Christus moet neem, nie

op dwaalpaaie moet afdraai nie en weet dat hulp byderhand is.

## Les uit Skrifverlede

Die aandag van die Hebreeuse lesers word dan eers weer na die bepalings van die Ou Verbond teruggeneem om daarmee die rykdom van Christus se werk te kan sien. (Hoe arm is mense se Bybelkennis as hulle nie meer van die Ou Testament wil weet nie!) Die volgende sake is daarby van belang:

- 'n Mens moet vir mense intree (en engele kan nie). Daarom word die hoëpriester *uit* mense geneem (5:1; Nm. 8:6) en dit dui ook aan dat hy een van hulle is, nie 'n hoëre wese nie. Sy priesterskap geld egter juis *vir* die mense, in belang van mense. En dit dan juis *voor* of *by* God of in sake wat die verhouding tot God raak. Die gawes en offers dui die offers wat vrywillig of skuldpligtig by die tabernakel gebring kan of moet word (Lv. 7).
- Die woord *saamvoel* (5:2) dui op 'n goeie balans tussen rede en gevoel — om nie oor te sien of oor te laat nie, maar met die regte gesindheid benader. Die sondes mag nie in hardkoppige opstandigheid wees nie (Mt. 12:32). Dit kan so 'n priester as mens wat self aan swakheid ly, beslis doen.
- Die hoëpriester wat uit mense is, swak en self sondaar was, moes eers vir sy eie sondes offer (Lv. 4:3); 16:11) en daarna kan hy vir sy volk om hom intree (5:3).
- Hoogsbelangrik was daarby dat die aanwysing van 'n hoëpriester van God (4:4) kom en nié uit menslike bekwaamheid of selfbenoeming nie (Ex. 28:1). So was dit deur die eeue, maar juis nie in die tyd direk voor/met Christus nie — toe allerlei menslike voorkeure en reëlings deur die Romeine geheers het (kyk Lk. 3:2; Nm. 16:3).

Dis duidelik dat selfs en juis in die sake van die diens van God daar orde moet wees — en die bepalings word deur God gegee en is nie van menslike oordeel of willekeur afhanklik nie.

## Middelaarswerk

Wat vir die aardse hoëpriester gegeld het, is ook van toepassing in die vervulling deur Jesus met sy amp, die werk wat Hy gedoen het en wat so bereik word (5:5e.v.). Hierby kom 'n nuwe element by: die priesterskap van *Melgisedek* — en dit stel die skrywer later (7:1) uitvoeriger. Uit wat oor Christus gesê word, let ons op:

◇ Nie eens Hy het op eie gesag sy taak aangepak nie — dit lê 'n direkte verband met wat van Aaron gesê is (5:4). Dit word uit die Skrif gestel dat Jesus die ewige Seun van God is (1:5; Ps. 2:7). Die *genereer* wys op die onverbreeklike band tussen Vader en Seun — dis altyd verby en gaan altyd deur, omdat dit bo die tyd staan. Die inisiatief gaan van die Vader uit. Daarom is Jesus en kan Hy ook vir ewig priester wees (Ps. 110). Die *verheerlik* is iets wat net van God of hemelwesens geld (kyk Jh. 11:40; 12:27v.; Hd. 7:55).

◇ Alleen oor Jesus se priesterskap met sy aardse bestaan word dan gespreek (5:7). Volgens die Griekse taaleie is die hoofwerkwoord: *Hy het geleer* (5:8), terwyl die offer en verhoor daaraan ondergeskik is.

◇ Die priester het die diereoffers gebring, maar ook die reukoffers, wat die gebed voorgestel het (Ps. 141:2), soos wat die reuk tot in die Allerheiligste deurgedring het (en daar het God "gewoon"). Ons weet Jesus het *baie* gebid — en as Hy dit gedoen het, hoeveel te meer moet ons!

◇ Daar is klimmende woorde: *gebede, smekinge, geroep* (soos een wat uitroep in leed), *trane* (laat erns *sigbaar* word). En gebed is nie net vra nie, maar ook aan God oorgee (Lk. 22:42). Direk lees ons nie van trane van Jesus nie — wel dat Hy by 'n graf gehuil het (Jh. 11). Sou die verhoor uit die angs van die dood dalk sien op Jesus se opstanding?

◇ Dit gaan oor Jesus, wat die Seun is maar ook mens geword het. Hy het na sy mensheid

steeds meer gesien wat die Middelaarswerk inhou en wat die volle prys van gehoorsaamheid was. Soos wat Jesus *opgestaan* het maar ook *opgewek* is (Lk. 24:6; Hd. 2:24), word nou ook gesê dat Hy *volmaak* is of heeltemal tot sy doel gebring is (15:9; kyk 2: 10).

◇ Aan Hom moet *gehoorsaamheid* betoon word en dit is die voorwaarde om saligheid by Jesus te verkry. Hy was gehoorsaam tot die ergste einde en sy volgelinge moet bereid wees om ook dié pad in die geloof af te loop (Mt. 16:24e.v.).

## Kind of volwassene?

Die herhaling van die priesterskap volgens Melgisedek (5:6, 10) wys op die unieke en voortreflike van Jesus se ewige priesterskap, wat nie net tot sy aardse lewe (5:7) beperk is nie. Daaroor wil die skrywer uitwei, maar vooraf is eers 'n aanspraak tot en vermaning van sy lesers nodig (5:11). Sommige verklaarders laat 'n hele nuwe deel van *Hebreërs* met hierdie vers begin.

Hy stuit daarby op 'n probleem. Nie dat die saak self so moeilik is nie. Wel omdat daar fout by die lesers is — en onthou hulle loop gevaar om terug te val in Judaïsme, wat tot hulle trae begripsvermoë (kyk 2 Kor. 3:13 — 16) kan bydra.

Hierdie Hebreërs was al 'n rukkie in die Christelike geloof (5:12). Daarom behoort hulle geestelike lewe al op 'n gevorderde peil te wees (12:4). Dit is dan soos volwasse mense wat al vaste kos kan inneem en verteer. Intussen het hulle nié in hulle geestelike lewe gegroei nie: hulle is nog soos klein kindertjies wat net van melk moet lewe. Die Christelike godsdiens kan deur die eenvoudigste, soos 'n kind, gevat en waardeer word. Tog is sy omvang en diepte ook so dat dit tyd kos om alles te gryp. Altyd moet die geloofsake nog kinderlik aanvaar word, maar daar moet groei en sterkerwording in die geloof wees. (Dink maar aan mense wat telkemale sê die dominee het te hoog of te diep gepreek. Of wat hulle nie wil inspan om ietwat moeiliker leesstof te begryp nie. Vir hulle moet alles altyd doodvereenvoudig word.) Begrip van die Christelike godsdiens kom deur daarmee besig te wees, daarin te oefen en op die beginsels uit te bou.

# Hebreërs 6

## Bou tog verder!

Cromwell het voor in sy Bybel 'n spreuk gehad wat vertaal so lui: *Wie ophou om beter te wees, hou op om goed te wees.* Dit stel net in ander woorde wat hier aan die Hebreërs gesê word: *om voort te gaan na volmaaktheid* (6:1) of *volwassenheid.* In aansluiting by die voorafgaande: daar moet gedurig groei in die geloofslewe wees, om nie net melkkos te benodig nie maar vaste spyse wat jou op sy beurt weer sterker maak.

Die begin van die prediking van Christus sal by Jode of Hebreërs wel anders as by heidene wees (kyk 1 Kor. 1: *teken* en *wysheid).* Miskien is daar vir die Jood nog dié probleem dat hy deur sy agtergrond Christus moeiliker aanvaar en dreig om terug te val. (Hoe swaar sukkel sommige Christene nie om van ingewortelde onbybelse idees los te kom nie, bv. dat Swartmense in Gam deur Noag vervloek is.)

Iewers is 'n invalspoort van die prediking en dit lê die eerste stene van die geloof. Maar die muur moet steeds opgebou word. Daarom nié bly by die begin (6:1) of die minimum nie, maar aanhou luister na preke en studeer (ook ná katkisasie). Daar moet beter *insig* kom en 'n verbetering in die *lewe.*

Die skrywer dui dan aan wat die *fondament of begin* alles was. Dis veelseggend dat dit hier aan Hebreërs gerig is.

✶ *Bekering* (wat stel van 'n ander *insig) uit dooie werke* (wat geen betekenis in God se koninkryk het nie, soos by die Jode in selfverlossing).

✶ *Geloof in God.* Die wegbreek van jouself en die bou en wag op God.

✶ *Leer van die doop (6:2 — wassinge).* Hierby kan ons aan die verskil tussen die Joodse proselietedoop, Johannes-doop en Christelike doop dink.

✶ *Handoplegging.* Kon verband hê met die doop of selfs as 'n teken van die gee van Heilige Gees (Hd. 19:6).

✶ *Opstanding van die dode.* Dalk word meer as die *leer* van die opstanding bedoel, dus die opstanding self — nie soseer van mense nie, maar juis van Christus.

✶ *Die ewige oordeel.* Wie nie in opstanding glo nie, het ook geen probleem met die oordeel nie (soos Jehova-getuies sê: Wie nie glo nie, verdwyn net). Die skrywer van Hebreërs wil dus sê dat vanaf hierdie basis-feite verder gegaan moet word. Dit sal hy doen, as God aan hom krag en aan die mense begrip gee (6:3). Hy hoop dit bring hulle tot volwassenheid.

## 'n Tydige woord

'n Predikant sal gou vertel dat hierdie Skrifwoorde (6:4 — 6) van die moeilikste in die Bybel is. Daar bestaan verskeie pogings tot oplossing van die probleme daarmee:

✶ *Verloste mense kan verlore gaan,* soos die Arminiane voor Dordt gesê het. Dit bots met ander Skrifuitsprake (8:12; Rm. 8:28 — 39; Jh. 10:28 — 30).

✶ *Dit gaan om mense wat voorgee dat hulle glo,* maar dit nie werklik doen nie en sondig teen die Heilige Gees (Mt. 12:31). Dit lewer wel probleme op oor wat hier as hulle ervaring beskryf is.

✶ *Verlostes wat teruggly,* maar hier gaan dit om mense wat daarna nie meer gered kan word nie.

✶ 'n Denkbeeldige geval, volgens voorstellings by die lesers, om te waarsku teen die gevare van afval of teruggaan na die Judaïsme.

Daar is goeie redes om veral aan die laaste as moontlikheid te dink:

◇ Daar word gepraat met *julle* (5:12 en 6:9) en van *ons* (6:1, 20), maar hier nou van *die* (6:5) en nie eens van *hulle* nie. Direkte aanwysing van persone is daar nie.

◇ Oor die geloofstandpunt van die lesers twyfel die *skrywer nie (6:9 — Geliefdes, van beter oortuig; 6:10 — God en julle werk).*

◇ Dit kan goed bedoel wees om hulle te waarsku (6:7, 8) en op te wek (6:11, 20), waarby ons moet let op die *al spreek ons so* (6:9).

Op enkele besonderhede wys ons:

✶ *Verlig.* Dit kán sien op doop, maar dui wel aan insig of wete, na sake donker was, oorgaan na die kerk (10:32).

✶ *Hemelse gawe gesmaak.* Kan dalk op nagmaal wys of die vorige (lig) nader dui en wys op ontmoeting met Christus (soos ryk jongman — Lk. 18).

✶ *Heilige Gees deelagtig* (kyk *deelgenote,* 3:1). Op 'n manier deel aan die Gees (Mt. 7:22).

✶ *Goeie woord gesmaak* of prediking gehoor (12:25).

✶ *Kragte van toekoms* (kyk 2:4, 5).

Hulle moet weet: mense wat dit ervaar het, op die Christelike pad begin het en terugdraai, kruisig Christus eintlik weer in hulle eie lewe deur Hom te verraai of ontlok die smaad van andere oor Hom deur hulle optrede. Só kon dit in vervolging gebeur het: om hulle eie lewe te red, ontken hulle 'n band met Christus (Mt. 10:33).

Dit word dan deur 'n beeld nog verder verduidelik. Grond kry seëninge van bo, maar is nie profytlik vir sy bewerker en lewer nie goeie resultate nie (6:7, 8). Daarom word nie net — soos gebruiklik — die onkruid verbrand nie, maar dis asof die grond self aan vuur oorgegee word.'

## Verlos — en verder gaan

Die band met die lesers is innig, al is dit dat hulle net hier as *geliefdes* (6:9) aangespreek word. Ná die erns en die donker tekening, ná die waarskuwing, wil hy aanmoedig en optel. (Hoe jammerlik faal 'n prediker as hy net van sonde en oordeel praat!) Oor hulle dink hy anders. Die ligpunt by hulle insinking en blote basis geloof, is dat daar *tog 'n optrede in diens van God is (6:10). Die* verlossing wat hulle verkry het, het nie by hulle vasgesteek nie. Hulle dien God se Naam deur diens aan heiliges of mede-gelowiges — sonder dat die besonderhede vertel word.

Daar moet altyd bedrywigheid en voortgang by 'n Christen wees: elkeen moet begin ywer (kyk Nm. 11:29) en dit moet uitloop op 'n groot vastigheid in die hoop (6:11), tot die laaste toe. Daar was al sprake van trae optrede by hoor (5:11), nou in dade of lewe (6:12). Hulle moet navolg of naboots (Mt. 4:19; 10:38; 1 Kor. 4:16) — want 'n Christen loop nie as eerste op die pad nie, maar trap in die voetspore van voorgangers (kyk veral Hb. 11). Dit kan wys op mense van die Ou Verbond dog ook op dié wat die geloofsweg vir hulle oopgemaak het, wat nog lewe *(erfgename van die belofte* — 6:12).

## Let op en volg na

Abraham is die aartsvader van die Jode en hier weer, soos in baie ander Skrifdele (Jh. 8:39e.v.; Rom. 4; Jak. 2:21e.v.), word na hom terugverwys om 'n saak te verduidelik. Verskeie elemente van die saak staan uit:

❖ God het aan Abraham iets beloof en daarby gesweer. Volgens Genesis het God verskeie kere beloftes gegee (12:2v; 15:4v.; 17; 18:10). Eers ná die vrywillige prysgawe van Isak op

die altaar, kom belofte *en eed* deur God (22:15e.v.).

❖ Hier staan dat Abraham *die belofte verkry het* (6:15) en later (11:13) dat ook hy dit net *uit die verte gesien het,* hoewel die talrykheid van sy nageslag wel genoem word (11:12). Hier sien dit stellig op die geboorte en behoud van Isak (11:17; Gn. 17 en 22); daar op die stad en land (11:10, 14). Die klem val hier ook nie so sterk op die inhoud van die belofte nie, maar op sy vorm.

❖ Die sweer van God staan baie uit — en is nog 'n saadjie vir latere ontplooiing van die skrywer se betoog (7:20 — by Melgisedek, aan wie Abraham tiendes gee, 7:6).

❖ God het nie nodig om te sweer nie — wat mense doen in onmag of met twyfel oor hulle woord en dan by een/iets groter as hulle (6:16; Gn. 14:22). Sy woord geld. Ook is daar geen grootheid groter as God by wie Hy kán sweer nie. Dis ter wille van die mens, om sy swakheid tegemoet te kom, dat God, onnodiglik maar genadiglik, sweer (6:17v.).

❖ God self is waarborg dat sy woord sal geld. Daarom moet die mens geduld hê, al kry hy dit nie soos en wanneer hy dit graag self soek nie (6:15). Want daar is 'n dubbele waarborg *(belofte en eed)* en God *lieg nie* (6:18). Die mens wat aan hierdie saak vashou, kan makliker en langer vashou en afwag. Moes Abraham nie, al was hy reeds oud en nadat God aan hom 'n kind beloof het, nog sowat 25 jaar wag nie?

## Werklike troos

Die Hebreërs word deur traagheid en insinking bedreig. Hulle loop gevaar om na die Judaïsme met selfverlossing terug te val. Daarom die bemoediging uit die verlede naas die waarskuwing oor die skriklikheid van die afval (6:4e.v.). Geen wonder nie dat die skrywer meld van *ons wat ontvlug het* (6:18). Hierdie woord hou in:

— die verloste *vlug weg van iets* (sonde, dooie werke);

— hy neem ook sy *toevlug na God* toe. Dis soos 'n Jood wat onopsetlik gesondig het, en dan na 'n vrystad kon vlug (Nm. 35; Jes. 20:9).

Die anker was in daardie tyd al 'n simbool van hoop en vastigheid — soos dit aan 'n rondgeslingerde skip iewers 'n vaste punt bied. En hierdie anker is uitgegooi en lê in die veiligste plek denkbaar ingebed. Dis daar waar God woon — agter die gordyn in die tabernakel en ná Christus by die troon in die hemele, waar niemand dit kan bykom of uithaal nie (6:19).

Daarmee kom die skrywer terug by Jesus (4:14; 6:20). Hy is voorloper, baanbreker, pionier (kyk Jh. 14) wat by God ingegaan het (hemelvaart) om dit vir mense veilig te maak om Hom na te volg. Dis die Jesus wat op aarde gelewe het, wat dit gedoen het. Tog is Hy ewige priester — en weer kom die skrywer by Melgisedek uit (5:10).

# Hebreërs 7

## Sonderlinge aanduiding

Melgisedek was al vir baie gelowiges 'n probleem en vir teoloë 'n kopseer. Gegewens is skraal, maar saamgelees met wat die Skrif verder bied, behoort die beeld nie so onduidelik te wees nie.

- Hy was koning van *Salem* (Gn. 14:18) — stellig Jerusalem, nie ver van Sodom of die Soutsee nie. Let op Adoni-Sedek (van Jerusalem — Jos. 10: 1, met herhaling van *Sedek)* en melding naas Sion (Ps. 76:3).
- *Priester* van God — dus met kennis (uit Noag se tyd?) van die ware God en in sy diens (soos Job ook God geken, maar nié van Israel was nie).
- Abraham erken in hom, wat koning én priester was (by Israel altyd geskei), 'n dienskneg van God en gee aan Melgisedek tiendes van die boonste of beste van die buit (7:2). Dit was vóór die wet iets van tiendes bepaal het.
- *Volgens uitleg koning van geregtigheid* (7:2) sê dat dit in sy naam opgesluit lê (want *melgi* = koning en *sedek* = geregtigheid).
- En *salem* word gesien as verwant aan *sjalom* ( = vrede), terwyl vrede die nagevolg van geregtigheid is (kyk Jes. 32:17).
- Geen mens kan *sonder vader, moeder of geslagsregister* wees nie (7:3). Daarom is Melgisedek al as 'n hemelse gestalte beskryf of as 'n Godsverskyning gesien. Die laaste kán nie (kyk *gelykgestel aan Seun,* terwyl die Seun die Engel van die Here is — Gn. 18:1, 22; 19:1, 24). Daarom kan ons die bedoeling van die skrywer só verstaan dat Melgisedek se priesterskap nie deur sy geboorte of afkoms bepaal is nie. So was dit by Aaron en die priesterskap in Israel (kyk Esra 2:62 v.).
- Dieselfde verklaring geld vir *sonder begin van dae of lewenseinde:* sy herkoms het nie sy optrede as priester bepaal nie en die Skrif meld niks van die dood of 'n opvolger in priesterdiens vir Melgisedek nie. Só was hy 'n tipe wat heenwys na die Christus wat geregtigheid en vrede bring (Rm. 5:1), en sy priesterdiens doen, al is hy nié uit Levi (soos Johannes die Doper) nie.

## Les uit geskiedenis

Die gegewens oor Melgisedek is min. Tog was hy so belangrik dat Christus se priesterskap na hom genoem is. Die Hebreërskrywer wil sy lesers bykom om tog nie na die Judaïsme terug te val nie. Daarom haak hy hier in by Abraham en die priesterskap van Levi (volgens die wet).

Abraham was hulle aartsvader en is 'n vriend van God genoem (2 Kron. 21:7). Tog het juis hy aan Melgisedek 'n offergawe of deel van die buit gebring en het van hom seën verkry. Beide handelinge toon dat hy Melgisedek as die meerdere beskou (7:4, 7).

Dan gaan die saak vir eers oor die priesterskap (nie hoëpriester nie — 6:20; 7:26 e.v.). *Hebreërs* dink vanself aan die priesterdiens van Israel. Daardie sake is in die wet van God deur Moses gereël. Leviete het tiendes ontvang — as afgesonderdes in die diens van die Here (Nm. 18:21). Hulle is gelyk aan die volk en geneem daaruit (7:5, 8), al is hulle ook sterflik. Dit wil nie sê dat Melgisedek nie gesterf het nie. Maar daaroor swyg die Skrif. Sy priesterskap het hy nie bekom toe 'n ander een gesterf het en ons weet niks van iemand wat hom opgevolg het nie. Hy staan uit, want hy seën Abraham, draer van God se belofte, en sy priesterskap dien as voorbeeld vir dié van Christus.

## Melgisedek en Levi

Abraham het aan Melgisedek 'n tiende gegee. Die skrywer gaan uit van die verbondsgedagte in Israel: die eenheid van die geslag. Vandaar die ietwat eienaardige "bewys": Levi, wat gewoonlik tiendes ontvang, was as 't ware in Abraham inbegryp *(om so te sê,* 7:9) toe hy só Melgisedek as groter erken het (7:7). Vervolgens word die oortreffende van Melgisedek teenoor Levi meer uitgelig.

✶ Aaron en sy nageslag het die Levitiese priesterskap bedien. Hulle moes dit stip volgens die bepalings van die wet doen (Ex. 28; Nm. 16:3e.v.). Tog meld Dawid eeue daarna (Ps. 110) van 'n ander orde van priesters (6:20); 7:11) terwyl hy deur Ussa se dood (1 Krn. 13:10) van die reëlings van die wet weet (Nm. 4:15).

✶ Daarom dat van *volkomenheid* (7:11) sprake is. Die woord hou in: *iets wat aan sy doel beantwoord.* By priesters beteken dit: om mense in die gemeenskap *met* God te herstel. En hieroor word later meer gepraat (7:19, 23, 25).

✶ Kom daar 'n ander priesterskap, dan hou dit in dat ook die wet (wat die eerste georden het) verander moet word (7:12). Dit gebeur inderdaad by Jesus Christus. Hy is in die lyn van Juda (7:13, 14) en sulke mense kon nie priesters wees nie. Dit was Ussia (nageslag van Dawid) se sonde en ondergang (2 Krn. 26 — óók dat hy as koning wou priester wees.

## Anders by Jesus?

Die Hebreërs aanvaar die Ou Testament en die skrywer kan dus daaruit bewyse oor die Christus aanvoer. Hulle sou dus ook aanvaar dat dit nie net Dawid se woorde was (in Ps. 110) nie, maar dat God so getuig het (7:17). Daarom ook die sprake van 'n *ander* priester (7:15). Jesus Christus is nie bloot nóg 'n priester (in die lyn van Aaron nie — 7:11) nie. En so een sou kom *(moes opstaan,* 7:11) en dit het gebeur (7:15).

Hierby is sprake van die *wet van 'n vleeslike gebod* (7:16). Nou word *vleeslik* in die Bybel gebruik om daarmee *sondig* aan te dui (kyk Rm. 7:14). Dit is nie hier die saak waarop gesinspeel word nie. Eerder moet ons dink aan iets van hierdie aarde en die bedeling wat daar was — waarby kultiese reinheid en geboorte in die priesterlike geslag die hoofsaak was. Daar is nie op die geestelike kwaliteite van die priesters gelet nie (dink aan Eli en sy seuns, ook Kajafas), maar af koms was die bepalende — en opvolging as so 'n priester sterwe. Daarteenoor staan die figuur van Christus, volgens 'n ander orde, met onvernietigbare lewe (7:16). Want as Hy sterf, gee Hy Hom oor (Lk. 23:46) en Hy staan ook self op (Lk. 24:6). Daarom is by Hom krag en lewe in oorvloedige mate.

## Volkome

Die voortreflikheid van die priesterskap van Jesus Christus blyk verder op verskeie punte:

◇ Die gebod of wet blyk ten slotte *swak en nutteloos* te wees (7:18). Bloed van diere wat gestort is, was 'n teken van versoening, maar het tog na 'n volheidsoffer heengewys; die wet kon ook nie die mens inwendig vernuut nie (Rm. 8:3).

◇ Daarby is weer sprake van *volkome maak* (7:19) waartoe die wet nie in staat was nie (kyk 2:10; 5:9; 6:1). Die onvoltooidheid van die Ou Bedeling bly staan — dit roep om meer.

◇ Daarom is ook van 'n beter hoop (7:19) sprake. Hierdie is 'n uitstaande trek van *Hebreërs:* dat die woord *beter* <u>dertien</u> keer voorkom, en net ses keer in die res van die Nuwe Testament. Dit bestaan besonderlik daarin dat die gemeenskap met God volkome herstel is en niks die toetrede tot Hom verhinder nie.

◇ Weer eens kom die *eedswering* van God ter sprake (6:17). Daardeur het Christus se priesterskap iets unieks verkry (7:20 v.). Dit was 'n besonderse reëling vir priesterskap: daar val klem op die aankondiging wat 'n blywende saak aandui, en God kom nie daarop terug nie.

◇ Hy is 'n borg (7:22) en hier nie aangedui as middelaar nie. 'n Borg is nie net een wat *instaan* nie, maar hy bied sekerheid — want hy aanvaar die verpligtings of obligasies wat daaraan verbind is. Hy staan in: vir die mense by God en vir God by die mense. Die woord *testament* kom later (9:15v.) vollediger ter sprake — maar nou is reeds van belang die sekerheid wat daarmee verbind is.

◇ Die priesters was net tydelik in diens, omdat hulle sterflik was en daarom was daar 'n hele ry opeenvolgendes. Daarteenoor is Jesus se priesterskap durend of blywend, sonder dat iemand Hom ooit opvolg of sy taak moet oorneem (7:24). Dit gee ook vastigheid.

◇ Die redding in Christus Jesus is dus nooit tydelik of gebrekkig nie — Hy bied volkome saligheid omdat Hy volkome *(áltyd)* bly leef om vir hulle in te tree (7:25; 1 Jh. 2: 1).

## Groot kontras

Dan kom die skrywer weer terug op die feit dat Jesus hoëpriester is (7:26). Sekere trekke van/oor Hom word verder toegelig (7:26v.).

❖ *Heilig* — wat sy plig teenoor God getrou doen, met persoonlike toewyding.

❖ *Onskuldig* en *onbesmet* — Hy doen nie kwaad en so iets kleef nie aan Hom nie.

❖ *Afgeskeie van sondaars* — wat wys op sy koms in die vlees waarby Hy egter nie sonde gehad of gedoen het nie (Jh. 8:46).

❖ *Hoër as die hemele geword* — verwys weer na sy hemelvaart en sit by die Vader (1:3; 4:14).

Die Here Jesus beklee dus 'n baie hoë posisie, onvergelykbaar met enige priester by Israel. Dit word nog verder uitgewerk.

Die hoëpriester moes tog voordat hy vir die volk kon intree, eers 'n offer bring (7:27) om sy eie sondes te bedek (Lv. 4:3; 8:16). Daarom moes dit minstens elke jaar gebeur. Hulle is dus mense met swakhede (7:28), in hulle persoon en in hulle werk.

Die Here Jesus moes net eenkeer 'n offer bring, en dit was sy eie bloed of lewe. Omdat Hy geen sonde of skuld gehad het nie (Mt. 27:24; Jh. 18:38), was 'n versoening van eie sonde deur 'n offer onnodig. En omdat Hy en sy offer volmaak was, was dit genoeg dat Hy dit net een keer doen. (Let hierby op die dwaling van die Roomse mis wat praat van 'n herhalende offer.)

Daar is ietwat van 'n verklaringsprobleem by die sprake van *elke dag nodig* om te offer (7: 27). Moontlik moet dit só gesien word dat Jesus nou sy werk onafgebroke doen en nie daarby vir Homself hoef te offer nie.

Vir verdere verduideliking saai die skrywer weer twee saadjies:

dat Jesus net eenmaal geoffer het

en dat Hy daarby Homself gegee het (Hebr. 9).

# Hebreërs 8

## Waar Christus is

Die opset van die skrywer van *Hebreërs* is kennelik om die oortreflikheid van die Nuwe Bedeling te benadruk. Stellig om daardeur die lesers voor te keer waar hulle dreig om na die Judaïsme terug te sak. Dié deurlopende lyn is duidelik te sien.

Daarnaas bestaan soms interessante teorieë. Dit kan as moontlikhede genoem word en bied soms verrassende insigte, hoewel dit nie bewys kan word nie. So word as teorie genoem dat die opneming van Christus in die hemel vir die gemeente tot aanstoot was — omdat Hy dan nie meer by hulle is met sy genadige en beskermende teenwoordigheid nie. Dan is dit opset van die skrywer om in *Hebreërs* 8 aan te toon hoe die aanstoot-faktor juis 'n motief vir geloof kan wees: sy plek en werk in die hemel dien tot veel groter voordeel van sy kerk op aarde.

Die aansluiting van 8:1 — 10:18 by 7:1 — *28 is* direk duidelik. Tog is merkwaardig die ooreenkoms van 8:1 met 1:3 en die daaropvolgende. Daarom word die *hoofsaak* (8:1) ook wel vertaal met: "Om die argument *te bekroon..."* Dan staan daar ook nie werklik: *van wat ons gesê het* (8:1) — asof dit sou wys op wat reeds genoem is nie. Eerder: *van wat ons sê.* Want die skrywer meld ook dinge wat tevore nog nie genoem is nie en gaan dus met sy argumentasie voort.

Die uiteensetting oor die Hoëpriester (Christus) bly die aandag boei en bevestig die hoogheid van Christus bo Aäron en andere. Die *gaan sit aan die regterhand* is 'n vaste uitdrukking en gee weer dat Hy mag en eer het. Die *troon* is ook 'n teken van heerskappy en verheerliking (kyk 1:8). Sonder persoonsaanduiding word van God melding gemaak as *Majesteit.* En let op die konkreetheid *(troon)* en abstrakte aanduiding *(majesteit)* bymekaar. Anders as voorheen (1:3 — *in hoogte)* is nou sprake van Majesteit *in die hemele.* Stellig omdat die hemelvaart van Christus en sy werk reeds baie benadruk is.

Hy is 'n *bedienaar* of liturg (8:2), besig in of met die heilige dinge, sodat sy *sit* (8:1) nie rus beteken nie. Die *ware tabernakel* dui aan dat dit direk met God in verband staan (kyk Jh. 17:3; 1 Tess. 1:9 — Waar dieselfde woord van God staan en vertaal word: *waaragtig).*

## Hemelse het voorrang

Praat jy by Israel van 'n *priester,* dan is dit vanselfsprekend dat jy ook van *offer* moet praat. Die hoëpriester moes self offers opdra en die hele tabernakeldiens was onder sy sorg. Hier is nou sprake van *gawes* en offers (8:3) wat kan heenwys na dank- en sondoffers, wat vrywillig of uit skuldbesef ná sonde gebring is (Lv. 1 — 7). Nou is nie bygevoeg *vir sondes* (soos 5:1) nie. Daar is reeds gesê (7:27) wat hierdie offer van Christus was, hoewel dit later eers vollediger gestel word (9:12). Treffend is nou wel dat die Griekse werkwoord *(om te offer)* goed pas by die gedagte dat dié werk net een keer gedoen is.

Dit wat God as reël in sy wet deur Moses bepaal het, sou nie gedoog het dat Jesus as priester optree nie (8:4; 7:14). Daarvandaan spring die skrywer weer oor op die groter heerlikheid van Christus se bediening. Daarom gaan dit ook nie eerstens oor Christus se kruislyde nie, maar eerder oor sy toetrede met sy voltooide werk in die hemel. Die aardse tabernakel het sy funksie gehad, maar word oortref deur wat daar in die hemel is. Hier (8:5) is sprake van 'n.. *afbeeldsel,* 'n model of kopie (kyk 4:11; 9:23; Jh. 13:15); ... *skaduwee,* wat verbygaan en in gestalte deur die oorspronklike gevorm.

Moses kon nie maak soos hy wou vir God se diens nie. (Ons natuurlik ook nie!) God *beveel* hom wat om te doen. Daarby is sprake van 'n voorbeeld of volgens Grieks: *tipe.* Dis eintlik die oorspronklike en dui op iets met 'n bepaalde *gestalte* wat God aan Moses op die berg sou getoon het. Dink maar aan visioene wat profete gesien het (Jes. 6). Ons kan nie mooi begryp hoe dit hier bedoel word nie, maar die hoofgedagte is: die aardse is afdruk van die

hemelse.

## Twee kante bymekaar

God se werk met sy volk was nie in een ongebroke lyn wat gestadig hoër klim nie. Dit wat in Jesus Christus gegee is, is in kwaliteit ver meer en beter en hoër. Dit staan teenoor mekaar soos aardse gebrekkigheid en hemelse volkomenheid (8:6).

Dit gaan nog om dienswerk of bediening. Jesus is al as borg beskryf (7:22). Nou word Hy geteken as *Middelaar.* Dit kan heenwys op Moses se bemiddelende funksie tussen God en mense (Gal. 3:19). Toe was dit egter met tasbare en aardse middele, terwyl die moontlikheid was dat die volk nie hulle deel bring nie. Die beter *verbond* kan ook wees *testament* (9:15). Dit hou in dat Christus aan beide partye (God en mens) verbind is en ook sorg dra dat die rykdom van beloftes werklik vervul word. Die middelaar sê ook iets van 'n *arbiter* wat twee kante se sake bymekaar bring. Die verbond is 'n testament (tussen twee mense) en veel meer.

Uitdruklik is dit al in die Ou Bedeling gesê (8:8) dat dit nie volkome of volledig is nie. Daarmee roep die oue vanself na die tweede, wat later sou kom en meer sou bring. Want as daar al volheid was, sou nie gewag word op die volheid wat God beloof nie (8:7).

## Swak skakel

Die Skrifbewys word weer aangevoer, sodat die Hebreërs goed besef die nuwe tyd is op die oue gegrond en bring dit tot afsluiting. Die aanhalings kom uit Jeremia (31), maar dit word sommerso weer gesê: *Hy (God) berispe hulle* (8:8). God se Woord is nie maar wat mense God laat sê nie, want dis God wat mense laat sê.

Die groot fout wat vroeër in die verbondsbetrekking voorgekom het, was nie in God wat dit gesluit of gegee het nie. Was ook nie in die verbond self nie. Dit was wel by die mense wat dit nie gehou of nagekom het nie. Die onvolkomenheid van die verbond was dus dat dit nie kon waarborg dat die bondelinge dit sal volhou nie.

Dink maar aan koning Josia en die verbondsvernuwing in Jeremia se tyd (2 Kron. 34): hy het dit goed bedoel, maar die volk het nie met hulle hart meegedoen nie. Daarom volg ook die oordeel van die ballingskap.

Daarom het Jeremia in sy dae al teruggekyk na die verbond van Sinai, wat die grondverhouding tussen God en Israel was (Ex. 19:3 — 6). Die volk het egter nie daarby gebly nie. So het God van sy kant af Hom ook teruggetrek (8:9) en hulle nie meer as sy volk beskou nie.

## Nuwe so heerlik

Die nuwe verbond sal met Israel en Juda (8:8, 10) wees. Daarmee word al klaar gedui op 'n opheffing van die verdeeldheid onder die volk van God. Dit gaan eintlik nie meer om die uitwendige gestalte nie, maar die hele gerigtheid is anders: die mens wat van harte God dien. Die *na dié dae* (8:10) wys natuurlik op die eerste koms van Jesus Christus (kyk 1:1). Die volheid daarvan sal egter nie voorkom totdat alles ná die wederkoms volledig nuut gemaak is nie.

Die nuwe verbond omvat eintlik drie momente daarin:

✶ By Moses was die wet op kliptafels geskryf en dit het dus buite die mense gestaan. Hulle was dus nie onkundig oor God se eise nie, maar hulle het dit ook nie uit innerlike aandrif nagekom nie dog is as 't ware uitwendig gedwing. (Let maar op hoe die Jode vandag nog die samevatting van die Wet (in Dt. 6:4 — 9) in houertjies by huisdeure vasskroef.) Deur Jeremia het God profeties gewys op die tyd dat die wet in *verstand en hart* (8:10) sal wees — dat dit vanuit die sentrum van hulle lewe hulle hele bestaan sal beheers.

Die innige en wederkerige band tussen God en sy volk sal dan bestaan — soos wat dit eintlik nog nooit was nie.

✶ Die vernuwing geld nie net die volk van God in sy omvang nie, maar ook die individuele gelowiges. Dink daaraan dat in die Ou Verbond was die openbaring van God nog nie volledig nie, sodat profete telkemale die woord van die Here moes laat hoor. Ook was die volle rykdom van die persoonlike werking van die Gees nog nie daar nie (kyk Ex. 19:6; Num. 11:29; Hd. 2:17).

Die tyd van die nuwe verbond hou in dat elkeen die Here ken, sonder lering of aanporring deur 'n ander (8:11; Jh. 6:45; 1 Jh. 2:20, 27).

Ons kan nóú reeds sien hoeveel meer God in en na Pinkster gegee het, maar die volkomenheid van Geestes-werking is nog uitstaande tot ná die wederkoms van Christus.

✶ Die Israeliete het geweet en geleef van vergifnis van sondes. Daarvan het die offers ook getuig: dat versoening verkry word. Tog was dit nie finaal nie, omdat dit gewag het op die volheidsoffer waarheen alles gewys het (Ps. 50; Jes. 1:10 — 15; Jh. 1:29). God self is dit wat barmhartig is en die versoening bewerk (8:12). Dis die wonderlike van die Nuwe Verbond: die voorskrifte is op God se beloftes gebou. Of só gesê God *vra* en beveel eers (Imperatief) nadat Hy *gegee* het (Indikatief).

Die Ou Verbond was onvolledig en gebrekkig — daarin is beloof van die nuwe wat kom. Dit het oud of grys of afgeleef geraak (8:13). Dit moet dus verdwyn. Die skrywer beklemtoon dus weer aan sy lesers: Is dit nou waarheen julle wil teruggaan om die rykdom in Christus prys te gee? So ook aan enige mens wat nie uit die volheid van genade leef nie, maar nog op een of ander manier probeer om sy eie verlossing te bewerk.

# Hebreërs 9:1-22

## Godsdiens se wese

Die Christelike godsdiens is geestelik en hoofsaaklik een van die Woord en die gehoor. Natuurlik sigbaar in die lewe en dade van gelowiges. Maar werklik tasbare elemente is skaars — soos die sakramente wat self egter nooit van Woordbediening losgemaak kan word nie. Daarin verskil die diens van Christus so radikaal van ander godsdienste. En daarom dwaal mense wat steeds poog om aan die Christendom 'n uitwendige gestalte te gee — in kruise, klede, kerse of katedrale.

Dit is een van die groot verskille tussen die Ou en Nuwe Bedeling in die Bybel. Die snylyn tussen hulle lê wesenlik in die koms van Christus Jesus en baie konkreet in die oomblik van sy sterwe toe ook die voorhangsel in die tempel geskeur is (Mt. 27:51). Van toe af bestaan God se diens in gees (of Gees) en in waarheid (Joh. 4) en nie meer in altare, seremonies van offers, en skadu's nie. Omdat die volheid gekom het, kon die voorstellings verdwyn — soos 'n vrou die portret van haar geliefde eenkant *toe stoot* as haar man self by haar is.

Die Hebreërs, aan wie hierdie Bybelboek gerig is, het gedreig om na die oue of seremoniële terug te sak — ten spyte van die volheid van die genade wat in Christus geopenbaar is (Hb. 2:1 — 4). Watter dwaasheid en watter gevaar as óns nou wegdryf van die rykdom in Christus, selfs net met iets naas of by Hom (soos noodsaak van grootdoop, Saterdag/Sabbat, priesterwyding, tonge-taal).

## God bepaal die plek

God se werk en sy diens is ordelik. So was dit reeds volgens die Ou Testament. Daaroor praat die skrywer hier eers — en die *eerste* (9:1) wys stellig op verbond. (Dié woord staan nie in die Grieks nie en daarom is dit in ons gewone Bybel skuins gedruk.) Daar was 'n *aardse heiligdom.* Die beste is om aan die tabernakel of tent (9:2) te dink, juis vanweë die tydelikheid daarvan. Met bepaalde *verordeninge* of voorskrifte waaraan noukeurig gehou moes word (Lv. 17, 23, 24; Nm. 9). Sou ons nie hieruit leer dat ons God moet dien soos wat Hy e i s en nie volgens wat óns lus het nie?

Kortliks word dan aangedui wat alles in die tabernakel was:

- Die *eerste* (9:2) dui stellig op die Heilige (Ex. 40:22 — 28). Daarin was 'n *kandelaar* (by Salomo was 10 — 1 Kon. 7:49). Verder die *tafel en die toonbrode,* of tafel vir die toonbrode (Ex. 25:23 e.v.).
- Die *tweede voorhangsel* sonder die *Allerheiligste* af (9:3). Dan is sprake van *wierookbak.* Dié Griekse woord word in die Septuagint (Griekse O.T.) nooit vir die reukaltaar gebruik nie. Verder praat die Skrif nie van die wierookbak as in goud nie. Die reukaltaar het ook eintlik net vóór die voorhangsel gestaan. Dit moet wel só verstaan word dat die reukaltaar ten nouste by die ingaan in die Allerheiligste betrek was (Lk. 16: 11 e.v.).
- *Die ark van die verbond* met die *versoendeksel* (9:4, 5) — en spesifiek juis dit daarby oor die versoening deur Christus wat belangrik is. In die woestyn was die Wetstafels daarin en daarin/by die manna-kruik en Äăron-staf. Oor die laaste twee word niks gemeld vanaf die tempelbou deur Salomo nie — en 'n vermoede word gelug dat dit met die episode van die Filistyne (1 Sm. 4 — 6) vervreem kon geraak het. Ná die ballingskap was die ark ook nie meer in die Allerheiligste nie, maar — volgens ander bronne — net 'n klip. Esegiël 10 beskryf hoe die heerlikheid van die Here hom as 't ware aan die tempel en stad onttrek het. Die tempel is herbou, maar 'n verbondsark is nie weer gemaak nie.

## Die bediening

Die *plek* van versoening is in die eerste deel vermeld (9:1 — 5). Nou gaan dit oor die *bedienaars* en *bediening* (9:6— 10).

✶ Die priesters alleen (nie die volk nie) kon in die *Heilige* gaan (9:6). Dink aan Sagaria wat op sy beurtdiens die engel gesien het (Lk. 1:9).

✶ Die *Allerheiligste* was toeganklik net vir die Hoëpriester een dag per jaar, waarby hy wel meerdere kere moes ingaan (Lv. 16). Die aandag val op die *bloed,* nie offerdiere nie en die tweede bok bly onvermeld. Belangrik is dat hy eers versoening oor sy eie sondes moes gekry het (offer vir homself).

✶ Die *Heilige Gees* word gesien as openbaarder namens God (9:8; 3:7). Die *weg na die heiligdom* (9:8) dui eintlik op toegang tot God (kyk Jh. 14:6). Sou dit inhou dat gelowiges van die Ou Testament nie deur die geloof saligheid by God verkry het nie? Alles getuig teen so 'n beskouing. Die skeur van die voorhangsel is egter simbolies hoe Christus die toegang tot God vry laat kom het. Dan is dit nie meer gebind aan een persoon/een dag per jaar en ander jaar weer herhaal nie.

Die Ou Bedeling het allerlei seremonies gehad — wassinge en vleeslike of tydelike, aardse bepalings (9:9).

Alles het gewag en geroep om die volheid van Christus en heerlike werklikheid van sy vrykoping. Daarom kon die oue nie die gewete of die innerlike, die hart regtig bevry nie. Wie sou dink, het besef dat dierebloed nie goed genoeg is nie. Daarom maar elkers die herhaling. Ook die wete uit die profetewoord dat God 'n nuwe hart moet gee (Jer. 31; kyk Hb. 8).

## Uitwerking van offer

Die Hebreërs van toe, en ons nou, moet weet dat die volmaakte offer reeds gebring is. Let maar op die volgende:

◇ *Christus bring weldade* (9:11) want Hy is die ware ampsdraer. Die *toekomstige* word wel ook anders gelees, maar die bedoeling is in elk geval: wat Hy alleen kon verwerf.

◇ Teenoor die tydelike, verbygaande van die aardse tabernakel het Hy te doen met een wat *nie deur mensehande gemaak* is nie. Dit wys op hemelse heerlikhede, al is daar onsekerhede oor hoe dit presies verstaan moet word.

◇ So belangrik is dat Christus as priester nie iets/iemand anders se bloed gebring het nie (9:12). Hy is priester en offer tegelyk (Hd. 20:28). Daarom was dit genoeg dat Hy dit een maal doen en was die uitwerking vir alle tye (9:12 — ewige verlossing).

◇ Die offers by die tabernakel het betekenis gehad, maar Christus se self-offerande oortref alles (9:13, 14). Hy was sonder skuld en sonder innerlike smet (dink aan diere wat gebrekloos moes wees — Mal. 1:8). Hy is van die Heilige Gees ontvang (Lk. 1:35) en is met die Gees gesalf (Lk. 3:22).

◇ Daarom kan Hy by mense *dooie werke* (wat nutteloos is en mens se skuld ophoop) wegneem en hulle die lewende God laat dien (9:14).

## Verbond — Testament

God het met Israel 'n verbond *gesluit,* Dit het van Hom uitgegaan en Hy het die bepalings neergelê. Daarin sit al die gedagte van 'n *beskikking vir of oor mense.* Vir die Ou-Testamentiese woord vir verbond is deur die Griekse Vertalers (Septuagint) ingespan, 'n woord wat veral gebruik is vir 'n *testament.* Dus: 'n laaste wilsbeskikking wat 'n mens voor sy dood maak. In *Hebreërs* kom beide betekenisse voor: *verbond* (8:10) en *testament* (9:15). *Nuwe testament* is dus eintlik 'n gelaaide term — dit vervang die oue, maar is ook anders en

ryker as dit.

Met hierdie gedagte opereer die skrywer nou in sy verdere betoog.

❖ 'n Testament kan nie meer verander word as die testateur dood is nie (9:16), maar voor die sterwe is dit wysigbaar (9:17). Tog is hier iets van 'n speling van gedagtes. God maak immers die verbond/testament, maar dis *Jesus* wat sterwe. Hy is natuurlik God, dog sy Middelaarskap staan hier voorop.

❖ Die absolute vastigheid van 'n testament ná dood is die belangrike saak (9:16). God se plan is seker en Christus se dood bevestig dit. (Kyk by instelling van nagmaal — Lk. 22:20: *nuwe testament in my bloed.)*

❖ Alles wat onder die eerste verbond onopgelos en onafgehandel gebly het, vind in Christus vervulling en voltooiing (9:15). Hierby dan die wonderlike trooswoord: *geroep* (Mt. 9:13; Lk. 14:7e.v.; Hd. 2:39; 1 Kor. 1:9; Gal. 1:6). Hy het deur sy dood die fondament van verlossing gelê en mense word op grond daarvan geroep tot die ware diens van God.

## Wat werklik werk

Die nuwe is daar, maar nou dreig Christen-Hebreërs om eerder die oue weer te aanvaar. Daarom is nie net die oortreffende genoem (9: 14 — *hoeveel te meer)* nie, maar word nog eens 'n vergelyking met die oue getref.

- Daar was ook *bloed* by die eerste verbond. Die wet is deur Moses afgekondig (Ex. 24). Dáár is sprake van bloed oor *altaar en volk* (24:7, 8); hier van *boek* en *volk* (9:*19).* Verder is daar nog byvoegings *(wol, hisop).* Die wesenlike punte verskil nie. Maar sekere lesings van die Septuagint en invloed van die nagmaalsinstelling kon 'n rol gespeel het.
- Die tabernakel kon ook nie direk besprinkel gewees het nie (9:21), omdat dit eers later (as Ex. 24) opgerig is. Dit geld dus 'n saamtrek van sake om die betekenis uit te bring. Die dood wat versoen, was al onder die Ou Verbond bekend, maar die volle heerlikheid en waarde daarvan blyk in die bloed en dood van Jesus Christus (Mt. 26:28).
- Die *byna álles* dui daarop dat uitsondering wel voorgekom het — soos vuur (Nm. 31:23); water (Ex. 19:*10;* Lv. 15:5; 16:26). Maar die norm was bloed en dit vind sy vervulling in die selfprysgawe van Christus tot versoening.

# Hebreërs 9:23 - 10:18

## Verskynings

Die verskil en kontras tussen die reëlings van die Ou Verbond en die Nuwe Testament geniet die aandag van die skrywer van *Hebreërs.* Sy bedoeling is om voor alles die uitnemende van die werk van Christus duidelik onder die oë van sy lesers te bring. Dan sal hulle nie so maklik van Christus wegdraai om weer die ou wettiese vorme aan te gryp nie (2:4). Opmerklik is dat vanaf Hebreërs 7:1 tot 10:18 geen vermanings geskryf staan nie — en daarna volg die betekenis van hierdie dinge in die praktyk.

Hy het gehandel (9:18 — 22) oor die wyding van die eerste heiligdom of tent. Dit noem hy nou (9:23) weer (8:5) *afbeeldinge* van iets wat in die hemel is. Daarby word gevoeg iets wat moeilik is om presies uit te lê — *hemelse dinge wat deur beter offers gereinig word.* Christus se unieke offer is op aarde, by Golgota, deur Hom gebring. Daarby word soms gedink aan die uitwerp van Satan (kyk Kol. 1:20; Lk. 10:18; Opb. 12:8, 12) uit die hemel, as vrug van Christus se opstanding en hemelvaart. Andere vertolk dit as die geestelike sfeer waarin die versoening vir die gelowige werklikheid word *(Hewitt).* Dit word selfs gesien as die gewetens of die mense wat tog die huis van God is (Ef. 2:22).

Dit lyk ons nie of dié beskouing te veel steun verdien nie. Let maar op die herhaling *(hemelse dinge self, 23; in die hemel self,* 24). Die presiese betekenis is moeilik om te bepaal. Wel dit, dat Christus triomferend in die hemel opgeneem is om daar vir sy kerk te wees en op te tree. Merkwaardig dat daar drie keer van *verskyn* by Christus vermeld word:

— Hy verskyn in die hemel voor God (9:24).

— Hy het verskyn in sy vleeswording (26).

— Hy verskyn aan hulle wat wag (28).

## Christus voltooi

Die aardse heiligdom was wel vir God se diens, maar tog met hande gemaak en dus tydelik. Christus gaan as Hoëpriester egter in 'n heiligdom wat nie menslik van oorsprong of konstruksie is nie (9:24), omdat dit *in die hemel self is* wat Hy ingetree het. Ons moet onthou ook die hemel is geskep (Gn. 1) en kan God nie inperk nie (1 Kon. 8:27). Tog is dit 'n iewers waar God besonderlik verskyn en regeer. Daarheen is Christus met sy menslike natuur (Hd. 1).

Die aard van die heiligdom bepaal ook die diens en die offer. Die Groot Versoendag of Jôm Kippoer (Lv. 16) se bepalings was dat die hoëpriester eens per jaar tot in die *Allerheiligste* mag ingaan (Hb. 9:25). Sou Christus hieraan gebind wees, dan sou Hy *dikwels moes gely het* (9:26), omdat soveel eeue daarmee gemoeid was. Sy koms (1 Jh. 3:5) bring egter die eeue tot 'n punt of doel waarin alle tye saamgevat word en sin verkry. Daarom is Christus se koms nie 'n sameloop van tyd of omstandighede nie, maar 'n sametrekking daarvan. Dit is die unieke van Jesus se werk. Daarom kon Hy sonde ook *wegdoen* of *ophef* (7:18).

Wat gewoonweg met mense gebeur, dien dan as verdere verduideliking (9:27, 28):

... 'n Mens se loop eindig onvermydelik in die dood, een keer, dan moet hy rekenskap gee, en daar is geen kans vir herhaling of herstel nie.

... Christus sterf eweneens, as offer (25), en dus ook eens vir altyd, maar dan vir dié wat met Hom in die geloof verbind is (sondes *van baie),* en dan neem Hy aan die oordeel deel. Wie egter glo — of *Hom tot saligheid verwag* (28) — kom nie in die verdoemenis nie.

As die priester uit die tabernakel kom (kyk Lk. 1:21), weet die volk die offer is voltooi. So is alle stryd vir die gelowige voltooi, as Christus weer kom.

## Herinner aan wat?

Die onvolkomenheid van die Ou Bedeling word nog eens duidelik onderstreep, met verrassende toeligting daarby. Op die volgende aspekte moet ons let:

✶ *Die skaduwee* (10:1) van die Nuwe in die Oue bevat die gedagte van voorafskaduwing. 'n Skadu se gestalte word bepaal deur sy voorwerp ('n boom of mens se skadu's verskil), maar al lyk dit daarna, is dit nie die voorwerp self nie. Die *beeld self* (kyk Kol. 1:15) sê iets van 'n werklik vatbare vorm of gestalte. In die wet was God se werk dus herkenbaar, maar die hele seremoniële diens het gewag op en geroep na die volheid.

✶ Die feit dat 'n versoendag weer elke jaar nodig was, het bewys dierebloed bring nie volledige versoening nie (10:2, 4). Vergifnis is wel so vir die volk verkry (Lv. 4:20). Tog het hulle weer gesondig en was 'n herhaling van offer noodsaaklik.

✶ Die offers is *'n herinnering aan die sondes.* Dit fokus die aandag op die sondes van die jaar. Al was die opset van Versoendag dat die sondes versoen en weggeneem word, is dit op dié wyse tog weer aangemeld. Hier is sprake van 'n herinnering aan sonde, terwyl Christus juis die aandag op Hom vestig — by die nagmaal met sprake van 'n *gedagtenis* aan Hom (1 Kor. 11:24, 25).

## Verdere bewysmateriaal

Die gedagte kon by die Hebreërs opgekom het dat dit nou alles waar is as jy eenmaal Christus en die Nuwe Testament erken. Daarom gryp die skrywer weer op die Ou Verbond terug om sy saak te bewys en hulle te oortuig. Hy bring Psalm. 40 as bewysmateriaal voor (10:5 — 9). Dit word deur en van Dawid gesê, maar direk op die Christus, Seun van Dawid toegepas. Die Skrif word dus bygeroep om te bewys dat diereoffers nie genoegsaam was nie.

◇ Reeds in die Ou Bedeling het God meer as diere by die offer gevra: ook die gesteldheid van die offeraar voor God moet reg wees (Jes. 1:11; Jer. 6:20; Hos. 6:6; Amos 5:21). God wil nie *nét* diere en ook nie vir **altyd** nie.

◇ Die aanhaling van Psalm 40 kom uit die Septuagint. Die *Hebreeus* het: ore gegrawe (kyk in ons Bybel); die *Grieks* het: *liggaam berei.* Die bedoeling is dieselfde: om na God te hoor en jou heeltemal oor te gee.

◇ Verrassende nuwe lig word vanaf die kruis van Golgota oor hierdie Skrifwoorde gebied. Daaruit spreek die skrywer hier. Die totale oorgee aan die wil van God geld tog nêrens en by niemand soos in Jesus Christus in sy volkome gehoorsaamheid, tot aan die vloekdood van die kruis nie.

◇ Let op die herhaling van die woorde uit die psalm. Dis om die bereidwillige oorgawe te beklemtoon (10:5 — 7en8 —9).

◇ Dit onderstreep verder dié saak dat die versoening deur Christus in sy bloed die inkarnasie of vleeswording kleur. Geen sin dus in sy menswording as Hy nie tot die volle einde sy taak volbring nie.

## Staan of sit

Christus is dus die draaipunt in al God se werk, besonderlik in die onderskeid tussen Ou en Nuwe Testament en die hele verandering in God se opset. Daarom word gesê (10:9b):

— *Hy (Christus) neem die eerste weg.* Die hele skadudiens word deur Christus opgehef, natuurlik omdat Hy dit vervul het.

— *Hy stel die tweede daar.* Ons mag dus nie onder die Nuwe Bedeling aan die seremonies en alles wat daarmee verband hou (heilige plekke, tye, mense), wil vashou nie. Christus het Hom *vrywillig* gegee om hierdie wil van God te doen (10:10). Dis die bron van ons

verlossing en sekerheid. *Ons is geheilig* — van die besmetting wat ons gehad en verdoeming wat ons verdien het. Daarmee kan die skrywer weer inhaak by die Ou Testament om sy saak af te rond:

- Nou is sprake van die daaglikse offers (10:11; Nm. 28). Dit vermenigvuldig die aantal kere wat geoffer word, soveel te meer. Opmerklik dat die priester *staan.*
- Christus bring een slagoffer (9:28) en daarna het Hy gaan *sit* (10:12). Hy bring alles tot sy doel *(volmaak,* 10:14). Die *sit* toon sy werk is afgehandel en dat Christus die plek van eer en mag verkry het. Geen mens kan of hoef 'n bydrae tot sy redding te lewer nie — mits hy in Christus glo en so sy volheidsoffer vir homself aanvaar.

## God praat klaar

Die leerstellige deel van *Hebreërs* — of uiteensetting van die leer — word met 'n aanhaling uit die Ou Testament afgesluit. Weer (8: 8) uit Jeremia 31 en weer as getuienis van die *Heilige Gees* (10: 15) aangedien. Interessant is die aanhalings wat uit twee dele bestaan (10:16), onderbreek deur *spreek die Here,* wat deel van Jeremia se woorde is. Maar dan tog so dat die klem baie duidelik op die tweede deel lê.

As die volheid in Christus gekom het op die tyd wat God bestel het, dan het Hy ook bereik wat nog steeds gevra en nodig en beloof was:

❖ God word van harte gedien en dit is nie meer 'n wet wat van buite dwing nie *(16).*

❖ Omdat Christus sy offer in oorgegewenheid gebring het, is alle herinnering aan sonde ook uitgewis (12).

❖ Dan is die offer-ritueel vir altyd voltooi (18).

Christus is dus die finale spreke van God tot verlossing vir sondaars wat moet glo en op sy wederkoms wag. God het ook geen verdere openbaring te gee as sy Seun of Woord nie. Wie iets meer soek, onttrek aan die heerlikheid en oortreffende van Christus.

# Hebreërs 10:19-39

## Die pad is oop

*Kennis is deug* het die Griekse filosoof Sokrates gesê. Dit hou in: As jy net die regte kennis het, sal jy deugdelik optree. Dit is moontlik, maar nie noodwendig in 'n sondige lewe nie. Meer korrek sou wees: *Voeg die deug by die kennis.* Daaroor handel die laaste deel van Hebreërs (10:19e.v.). Eers is op sake van die leer gekonsentreer; nou volg die meer praktiese uitwerking. Dit is dan: Hoe die geloof in Christus en sy versoening gevolge in die lewe van die gelowiges het.

Dit begin eintlik met *Broeders* (3:1, 12) wat aandui die skrywer soek as 't ware weer hulle aandag en inspanning. Daar is *vrymoedigheid* om in die heiligdom in te gaan (10:19; 4:16). Die saak word ontleen aan die beletsels by die tabernakel onder die Ou Verbond (9:2 — 8). 'n Radikale verandering het deur die soendood van Christus gekom, sodat enige geheiligde-in-sy-bloed tot God kan gaan. Jesus Christus het die pad oopgemaak (10:20; Jh. 14:6), en daarom is dit *nuut* en *lewend.* Dit lyk so asof *voorhangsel* en *vlees* bymekaar hoort, al lewer dit probleme vir die verklaring op. *Bruce* wys daarop dat die voorhangsel tussen God en mense geskei maar hulle tog ook verenig het. Die kruisdood van Christus het enige hinderpaal weggeneem en volkome versoening en gemeenskap gebring. Hy het die pad oopgetrap.

Maar Jesus doen meer. Hy is 'n *groot priester* (soos hoëpriester) in die hemel om vir die gemeente in te tree (1 Jh. 2:1). Die *vrymoedigheid* is dus nie iets subjektiefs, bloot 'n persoonlike oortuiging by Christene nie. Dis iets objektiefs, wat God gegee en gedoen het en wat dus 'n blywende sekerheid bied.

## Om nou en ewig te leef

Die Here Jesus het sake tot verlossing van die mens beklink. Daaruit moet daadwerklike gevolge in die lewe van Christene voortvloei. Let op hoe vier keer sprake is van *laat ons* (10:22-25).

✶ *Laat ons toetree* (10:22; 4:16; 7:25; 10:1) — en dit bedoel tot God, reeds nou in die gebed, voor sy aangesig. Daarby is sprake van inwendige reinheid *(hart)* en uitwendige skoonheid *(liggaam).* Mens kan dink aan die reiniging van die priesters (Nm. 8:7; Lv. 16:4), maar ook aan die werk van die Gees en die doop (Esg. 36:25 — 27; 1 Petr. 3:21).

Daar is geen rede waarom die Hebreërs ná Christus se werk op die ou seremonies wil teruggryp nie, maar alle rede om deur Christus wat lewe, na God te gaan.

✶ *Laat ons die belydenis van die hoop vashou* (10:23). Hier kom die belydenis (3:1) en die vashou (3:6, 14; 4:14) weer ter sprake. Mense kan dus nie net nou reeds in die vernuwing deel nie, maar ook hoop vir die toekoms en ewige lewe hê. So iets is moontlik juis omdat God dit as belofte gegee het en Hy by sy woord bly. God alleen kan werklik beloof (6:13; 11:11; 12:26). *Michel* sê dat die hele Christenwees in hoop opgesluit is (3:6; 6:11; 7:19; 11:1). Soos God by sy belofte staan, moet die gemeente by die belydenis bly.

✶ *Laat ons op mekaar let* (10:24). Die band aan God bind mense onderling (1 Jh. 3:1; 4:7) — nie om onderling fout te vind nie, maar om saam onder die tug van die Woord te leef. Die *aanspoor* het gewoonlik 'n slegte bebeduidenis (iets soos: *irriteer),* maar is hier positief bedoel. Gelowiges hét mekaar nodig en dié band kan tot toeneming in liefde en goeie werke bydra. Is dit nie so dat liefde ook liefde wakker maak nie?

✶ *Laat ons ons byeenkomste nie versuim nie* (10:25). Mense wat saamleef, ken die nodigheid om saam te kom. Wie na ander kringe afdryf of op homself begin bestaan, sal noodwendig die *eie* samekomste verwaarloos. Swak kerkbesoek is nie net iets van ons eeu

nie, maar kom lankal voor — veral by mense wat *beter* weet en hulle *eie* koers wil volg. Wie eenkant bly leef, val ook makliker die duiwel ten prooi. En kom Christene saam, dan is daar ook geleentheid tot onderlinge vermaning — om op te bou. Daarby moet steeds in afwagting op die koms van Christus geleef word — want elke geslag moet leef in die besef van die nabye einde as dit 'n Christelike geslag wil wees en bly.

## Oortredings en oordele

Die bemoediging van gelowiges, saam met die vermelding van die positiewe kenmerke van die Christenlewe, is daar. Dit was egter nodig om ook ernstige vermanings te laat uitgaan (10:26e.v.; 6:4e.v.).

Hierdie *opsetlik sondig* (26) moet stellig gesien word as om met volharding, aanhoudend en moedswillig te sondig — en nie uit swakheid, deur struikeling of daardeur oorval nie (kyk Nm. 15:30; 1 Jh. 1:6 — 2:1). 'n Beter idee kry ons daarvan as ons let op wat die houding teenoor Jesus Christus by sulke optrede is (10:29). • Dit hou in om die *Seun te vertrap* (29). Hierin sit die gedagte van *veragting.* Dink aan die verskil tussen die Romeinse hoofman (Mt. 27: 54) en die Joodse owerstes (Mt. 28:11 — 14). Die minagting blyk duidelik as iets onder die voete getrap word (kyk 10:13).

- Die *bloed van Christus* met sy besondere betekenis en draagkrag (9:14) *word onrein* geag as dit met enige ander bloed vergelyk word.
- Verder word die *Gees,* waardeur God sy *genade* in menseharte indra, *gesmaad* by die ontkenning van die vernuwing wat God werk.

Reeds onder die Ou Bedeling was dit so dat 'n oortreding van 'n wetsbepaling — gestaaf deur 'n paar getuies — met die dood gestraf is (10:28). Nou is die genadebedeling van God soveel groter en ryker. Daarom is die straf ook nie net die tydelike dood nie, maar ewige oordeel en vuurgloed (10:27).

## Hebreërs weet eintlik al

Die oordeel van God kom onvermydelik oor die mens wat wel die kennis of verligting bekom het, maar dan sy rug daarop draai en sy eie pad loop. Die skrywer aan die Hebreërs beklemtoon dit weer aan sy lesers — onder wie daar is wat dreig om Christus af te sweer en die ou Joodse seremonies weer in te voer. Hy doen dit deur uit die Ou Testament aan te haal en voorbeelde van ongeloof by die Joodse volk by te trek.

Die eerste (10:30) is 'n aanhaling uit Deuteronomium 32:35. Daar is 'n verskil tussen die Hebreeuse (of Masoretiese) teks en die Griekse vertaling (of Septuagint), maar die woorde kom net so voor in Romeine 12:19. So ontstaan die gedagte dat dit volgens Paulus se brief (Rom.) aangehaal is of soos wat dit in die kerk bekend was. Die tweede is net die volgende vers (Dt. 32:36), maar dit word spesiaal ter beklemtoning vermeld.

Dit is so dat God die vyande van sy volk straf. Maar ook sonde by sy eie volk kom ewe regverdiglik onder die oordeel. Die Hebreërs weet dus al van die straf van God oor die voorgeslagte en behoort hulle daardeur te laat waarsku. Besonderlik geld dit vir hulle, omdat die oordele oor Israel nie uitgebly het waar daar voorgewende vroomheid of skynheiligheid was nie. Selfs in die Ou Testament was 'n uitwendige band met Israel — en die hart daarby ver van God — nie goed genoeg nie (Jes. 7:1 Sm. 15). Hoeveel te meer dan met die voller openbaring van genade in Christus Jesus nie!

God is lewend en laat Hom nie soos die heidene rondstoot nie. Indien die sondaar nie op die *lewende* pad van Christus (10:20) met God versoen is nie, moet hy die toorn van die *lewende* God self ontmoet (10:31). Dawid wou oor God se barmhartighede liewer in God se hande val (1 Kron. 21:13), maar hier staan dit tot verskrikking.

## Oog op die toekoms

Die Christene (aan wie *Hebreërs* gerig is) het al 'n hele geskiedenis deurloop. Hulle het die lig van die Evangelie ontvang (10:32) en dit het probleme meegebring

Sommige is gesmaad en verdruk (10:33, 34); daar was lyde en miskien selfs dood onder hulle. Die skouspel is in Grieks *teater* (in en aan hulle kon hierdie dinge gesien word).

Andere het hulle nie om eie behoud of gerief van die verdruktes teruggehou nie, al sou dit 'n risiko vir hulleself ingehou het.

Die wegneem van aardse of tydelike sekerheid het hulle egter nie gehinder nie. *Michel sê* pragtig: *Hulle het geweet lyde is genade en uit hierdie genade kom vreugde* (kyk Lk. 6:23; Jk. 1:2).

Die krag van die geloof en eerste liefde moet hulle bly onthou, omdat dit deur moeilike tye kan dra. Die *vrymoedigheid* (10:35) is nou meer *moed,* dit wat subjektief in die mens is. Hulle moet dus in teenslae en ontmoediging vasbyt (Hd. 4:13). Al verdien die mens niks voor God nie, is daar tog 'n beloning uit genade. Nooit mag 'n gelowige die vasklou aan God prysgee nie, want dit dra deur lewe en dood. En God sal self sy beloftes waarmaak (10:36). Die Christen moet nie soek om 'n makliker pad as Jesus Christus te loop nie.

Dan word die wederkoms van Christus self weer as troos voorgehou (10:37). Weer word na die Ou Testament vir bevestiging teruggegryp — uit Habakuk 2 (kyk Rm. 1:17) en uit Jesaja 26:20. Met 'n effens ander aksent uit die Septuagint lê die klem op die Messias — en hier duidelik op sy tweede koms. Hy is nog nie daar nie en gelowiges moet dus wag en hoop en glo. Die waarskuwing is om *nie* aan die kring van die Christelike gemeente te onttrek nie, want op dié afdraaipad wag die oordeel. Wie glo en hoop, sal die lewe sien. En hier lê weer 'n vastrapplek vir die volgende gedeelte: die loflied op die geloof (Hebr. 11).

# Hebreërs 11

## Vastigheid gebied

Die rykdom van die Christelike godsdiens is so groot dat dit nie afdoende in een sin saamgevat kan word nie. Daarom is *Calvyn* reg as hy sê dat hier in Hebreërs 11 word nie 'n presiese definisie van die geloof gegee nie, dog dat net een aspek uitgelig. Wesenlik tog is die hele Bybel nodig om ons 'n volle kyk te gee in die diepte en verskeidenheid van die geloof en sy heerlike uitwerking in en vir die mens.

Hierdie gedeelte bied ons eintlik 'n voëlvlugkyk op 'n bepaalde aspek van die geloof tydens die Ou Bedeling. Die klem val ook nie soseer op wat die geloof *is* nie ('n definisie), maar meer op wat die geloof *bewerk*.

*Geloof* en *hoop* het alles met mekaar te doen (11:1) — die geloof bied die vaste grond onder die hoop wat op die toekoms gerig is. Soos iemand wat die oordragakte van sy grond in die hand het, al staan hy nog nie daarop nie. Dit *bewys* ook al *sien* jy nie — in die sin van oorreding, nie deur gevoel nie, maar met objektiewe gronde.

*Die mense van die ou tyd* (11:2) sien dan op die gelowiges van die Ou Verbond, spesifiek soos vermeld in die voorbeelde wat daarna volg.

Niemand was by die skepping teenwoordig nie (11:3) en wat God dus daaroor geopenbaar het, moet in die geloof aanvaar word. Hierdie sigbare wêreld dank sy ontstaan dus aan 'n geestelike daad (skepping deur woord) en aan God as Gees. Word dit aanvaar, dan sal die lesers wel begrip hê vir geloofsdade wat die menslike rede nie kan vat nie.

## Uit die daeraad

Drie figure uit die daeraadstyd van die mensdom kom op die toneel.

✶ *Abel.* Geloof was die rede waarom sy offer beter of meer as Kain s'n was en die weg waardeur God laat blyk het dat Hy dit aanneem (11:4). (Hoe dwaal hulle dus wat 'n voorstelling van *rook* bied — iets wat tog gesien kan word!) Juis sy geloof laat hóm nóg praat — en nie sy offer of sy bloed nie.

✶ *Henog* se geloof, dat sy lewe op God gerig was, het meegebring dat hy nie gesterf het nie (11:5). Om *God* te *behaag* is nie vir die sondige mens buite die geloof om moontlik nie. Abel is vroeg dood en Henog glad nie, terwyl die dryfveer in albei se lewe die geloof in God was. Dit word bevestig deur die uitspraak (11:6):

— die mens *moet glo dat God is* (al kan Hy nie gesien word nie);

— en dat God uit genade beloon *die wat Hom soek,* ten spyte van alles wat die wêreld oor God dink en aanvaar.

✶ *Noag* het in die geloof 'n skip op droë grond begin bou, omdat hy geglo het in God se waarskuwing van die vloed wat kom (11:7). Die afloop het bewys: hy het goed gehoor en reg gekies — die wêreld hét ondergegaan, maar hierdie familie is gered. Daar was egter méér as lyfsbehoud — hy het die *geregtigheid* wat deur die *geloof* verkry word, beërwe.

Aan beloftes vasgehou

Abraham word dikwels in die Skrif oor sy geloof vermeld. Nou weer gebeur dit (11:8 — 10). Daaroor word net enkele punte aangestip:

... *Abraham* het alle bekende dinge verlaat en dit sonder dat hy wis waarheen God hom lei en wat sou gebeur. Hy was gehoorsaam aan God se roepstem.

... Die land Kanaän word aan hom toegesê, maar hy het nooit iets daarvan verkry nie (net 'n

graf *gekoop* — Gn. 23). Daarom het hy, ook Isak en Jakob, geen blywende woonplek op daardie land gehad nie. Hy was tevrede om te wag op die vastigheid wat God bied — Hy is *argitek en kontrakteur (11:10) van die stad, met fonda*mente vas en nie tydelik of afslaanbaar soos 'n tent nie.

... *Sara,* vrou van Abraham, word bygetrek (11:11, 12). Sy was oud en eers ongelowig, maar het tog geglo dat God sy beloftes sal hou. So het uit eertyds kinderlose ou mense 'n ontelbare nageslag gespruit (11:12).

... Die ander aartsvaders word betrek by die *almal* (11:13) wat *gesterwe het* sonder om vervulling van beloftes te sien. Hierdie beloftes verwys nou na die *land.* Hoewel hulle daarop gewoon het, was dit nie hulle besitting nie. Tog het hulle nie na die land van Abraham se herkoms teruggegaan nie (selfs na hy jare weer daar gewoon het, trek Jakob weg — Gn. 31). Deur die geloof het hulle oor al die aardse land heengekyk, na God wat *'n vaderland* en 'n tuiste kan bring (Jh. 14).

... *Abraham* se toets met die offer van Isak word verder na vore gebring (11:17 — 19). Baie belangrik is dat Isak kind van God se *beloftes* was (Gn. 17, 18, 21). Isak was 'n unieke kind en Abraham het tog die offerdaad in oorgegewendheid voltrek — en daarom kan die skrywer praat asof hierdie vader Isak uit die dood teruggekry het.

... *Isak, Jakob* en *Josef* spreek al drie van hulle *sterfbed* af (11:20 — 22) en het met die aartsvaderlike seën die toekoms ingekyk, soos Josef wat nie in praal in Egipte begrawe wou word nie, maar in die geloof deur sy beendere getuig het van die land wat sy volk sal erf.

## Sin van volksbestaan

Moses was deur God bestem tot 'n besondere taak onder sy volk. Iets daarvan moes sy ouers *gesien het* (11:23) — of hulle moes deur die geloof iets in hom gesien het. Vir net enkele jare was Moses in sy ouerhuis, maar tog is die geloof stewig in sy lewe gewortel. Wanneer hy groot is, kies hy téén rykdom en aansien, teen die Egiptenare en vir sy volk (11:24, 25). Daarby dan dié opmerklike woorde:

❖ *Liewer sleg behandel te word met God se volk as sondegenot* (wat nie noodwendig op sinnelike dinge hoef te wys nie, maar wel na afgodsdiens van Egipte) te hê.

❖ *Die smaad van Christus* daarteenoor as die eintlike rykdom gesien het, omdat daar *'n beloning* van God aan verbind is (11:25, 26). Heel merkwaardig hier die *smaad van Christus* wat aandui dat dit in Israel eintlik om die koms van die Verlosser en regte verlossing gaan.

Die *verlaat van Egipte* (11:27) word gelees as sy vlug na Midian. Dit was wel voor *die Pasga* (Ex. 12), maar toe was daar vrees en die presiese historiese opvolging is hier nie ter sake nie. Met die plae het hy werklik voor Farao sonder vrees gestaan en so het hy sy volk uit Egipte gelei.

## Geloof en krisis

Die wonderlike uittog kom hier weer (soos elders in die Skrif) ter sprake as 'n geloofsdaad van Moses en Israel (11:28 — 31). Elke jaar ná die uittog is weer Paasfees gevier, soos ook die nagmaal herhaal word. Dog net een keer is die bloed besprinkel — soos ook Jesus se bloedstorting eenmalig is. Die bloed in die geloof aangestryk, het behou.

Geen groter krisis denkbaar as die see voor en vyande van agter nie. So blyk die geloof van Israel in hulle deurtog deur 'n see, wat die dood aan Farao en sy oorlogsmagte bring. En hoe militêr-belaglik is blote togte om 'n ommuurde stad? Maar as 'n volk dit in die geloof doen, tuimel vestings in!

*Ragab* se reputasie is maar swak en dit word selfs in hierdie hoofstuk nie verswyg nie (11:31). Maar sy kies deur die geloof vir Israel en sy God en word nie net hier vermeld nie maar ook in Jesus se geslagslys (Mt. 1). Met groot risiko vir haarself het sy haar keuse

gemaak. Dit, sê die skrywer, kan net deur die geloof gebeur.

## Oud en nuut saam

Uitvoerig is by enkele figure stilgestaan — vanaf reuse soos Abraham tot onbelangrikes soos Ragab. Dan begin die skrywer opsommenderwys te praat (11.32). Vier manne uit die Rigtertyd word genoem:

❖ *Gideon en Barak* deur of by wie groot dinge met klein krag gedoen is.

❖ *Simson en Jefta* wat in ontug geleef het of uit ontug gebore is en dus nie so onbesproke nie. Maar God roep en regverdig sondaarmense.

Daarby kom *Dawid* (met groot en kleinlike dade), maar as koningsfiguur en *Samuel* by wie die ry van profete eintlik begin.

Die gebeure daarna vermeld (11:33 — 36) kan stellig in die bladsye van die Ou Testament teruggevind word. Dink maar aan *Simson* en *Dawid* se stryd teen leeus en *Daniël* se nag in die leeukuil. Dan is daar die twee vroue wie se seuns deur Elia en Elisa uit die dood teruggebring is. Daarby is sprake van ingaan in die dood om 'n *beter opstanding* te kan verkry — waarby hierdie gelowiges van die Ou Verbond beslis al die uitsig op die ewige lewe moes gehad het.

Daarna word egter gebeure vermeld waarvan ons nié in die Skrif lees nie (11:37 — *in stukke gesaag).* Nou was daar sulke tradisionele verhale (bv. oor *Jesaja)* en verder kan dit wees uit die tyd tussen Ou en Nuwe Testament (bv. Makkabeërtyd volgens Apokriewe boeke). Maar almal was deel van Israel as Godsvolk wat moes bestaan vir en heenlei na die Messias, as slotstuk van God se openbaring (1:1; 2:3). Daarom word ook gesê dat hulle nie *die belofte* verkry het nie (kyk 6:15) — dus nie die Christus van God self gesien het nie (Jh. 1:29). Heel merkwaardig (11:39, 40): *hulle* het nie verkry en God het iets beters oor *ons* besluit. Eers deur die volheid van openbaring in Christus word die Ou-Testamentiese gelowiges *volmaak.*

Sou die Christen-Hebreërs dan tog weer na die onvoltooide tyd en bediening wil teruggryp? Daaroor gaan dit as waarskuwing in hierdie boek, ook duidelik in die laaste deel.

# Hebreërs 12

## Die oog reg gerig

Mense wat alleen moet stry, raak dikwels ontmoedig. Weet hulle egter van andere wat ook so worstel, help dit dikwels. Dis die agtergrond van hierdie Skrifgedeelte (12:1), waarby ten nouste by die voorafgaande aangesluit word. Dit gaan oor *vasbyt* in die geloof (10:38, 39), wat toegelig is deur te wys op die gelowiges wat ten spyte van lyding en ontbering aan God en sy beloftes vasgehou het (Hb. 11).

Die *groot wolk* sê maar net dis 'n hele aantal. Die gedagte kan wees dat *hulle* op die gelowiges let — soos toeskouers by 'n wedloop doen. Dis egter beter om dit andersom te sien: dié wat nou in die wedstryd besig is, moet ag gee op hulle wat voorgeloop het. Hulle is *getuies* — nie soseer dat God aan hulle getuienis gegee het nie (11:2), maar met iets van die gedagte van 'n martelaar (Hd. 22:20; Opb. 2:13), wat met sy lewe én dood vir Christus bestaan. *Alle laste moet af* — soos 'n atleet onnodige klere of ekstra massa prysgee, so moet 'n Christenstryder alle sondehindernisse kwytraak.

Die belangrikste is daarby om nie soseer te let op die baan waarop die atleet moet deelneem nie. Die oog moet eerder na die groot oorwinnaar, Jesus Christus gaan (12:2). Hy is *Leidsman* (2:10), met die gedagte van: Pionier of Baanbreker, en *Voleinder* (kyk Mt. 27:43, 54), by wie die geloof of oorgawe aan God sy hoogste punt bereik het. Die doel wat Hy kon bereik het en wat Hy vir sy volk voor oë gehad het, was *vreugde* — en om dit alles te verkry, het Hy hier die grootste diepte en ergste smaad deurgegaan.

Menslike helde het altyd een of meer swak plekke. Maar Christus kan van enige en alle kante bekyk word (12:3). Mense het Hom in alles teengegaan (1 Pt. 2:23), maar Hy het oorwin. Daarom kan mense nou tot redding na Hom kyk en in die stryd nooit moeg word nie.

## Aanhou en aanhou

Die Christenlewe is 'n gawe van genade en God skenk so rus (Mt. 11:28). Aan die ander kant verg dit voortdurende inspanning en volgehoue stryd (12:4). Dan kan mens dié tydstip bereik dat jy reken jy het ver en moeilik genoeg geworstel. Daarom kom die vermaning dat dit *ten bloede toe* moet gaan. Dit kan dui op: *tot die uiterste van menslike krag,* of selfs: *al kos dit jou lewe.* Natuurlik is dit stryd in die krag van genade, maar dan wel so dat jy jouself daarin moet *gee*. Want die sonde bly 'n mag wat jy moet weerstaan.

Nog 'n keer (12:5, 6) kom die Hebreërskrywer met 'n aanhaling uit die Ou Testament (Spr. 3:11, 12). Veelseggend is hierby die volgende elemente:

- Die Here is met sy kinders besig en wie dit ervaar, moet God se liefde daarin bemerk.
- Die woord *tugtiging* het die klank van ons *pedagogiek* of opvoeding, en wil sê dat dit op 'n goeie, opbouende doel gemik is.
- By die Grieke is hierdie opvoeding dikwels deur 'n slaaf oor 'n kind van sy heer gedoen, sodat iets van harde slae in die tugtiging verskuil kan wees.
- Die Skrif sê nie God bewerk die kwaad nie, maar die gedagte is wel dat Hy sulke omstandighede (stryd, teenslae) tot sy doel inskakel (kyk 5:8).

Die volgende uitspraak (12:7) word soms as voorskrif gelees: *Verdra tugtiging...* In elk geval gaan dit oor die optrede van 'n vader teenoor sy egte kinders: hy laat hulle nie maar begaan nie. Dis ook die onderskeid tussen ware en baster *(onegte)* kinders — die laastes kan maar aangaan, sonder sorg deur die een wat hulle verwek het. Maar 'n vader sorg dat sy kinders in die regte spoor loop (12:8). Vir aardse vaders en die lat is daar al ontsag. Dan tog veel meer voor God (12:9) wat nie volgens feilbare insig *(beste wete* — 12:10) handel nie. Hy weet wat Hy wil en daarheen lei Hy ons. Die heerlike vrug is dat ons na die beeld van God

vernuut word (Lv. 19:2; Ef. 5:2).

Niemand hou juis van vermaning nie en nog minder van 'n pak slae. Daaroor is daar dus *op die oomblik* nie *blydskap* nie (12:11). Wie as mens hom egter laat leer

— of dit nou kind by sy ouers of mensekind voor God is

— kom later tot die besef hoe nodig dit was. Hy kry oefening — soos een wat gimnastiek doen (sê die Griekse woord). Die vrug daarvan word in vrede geniet. Goeie gewoontes besorg meesal 'n gesonde lewe, te meer as dit gaan om die geregtigheid by God deur 'n lewe in die geloof.

## Aanwys en afwys

Vermaning en toeligting daarby wissel mekaar af, Nou kom weer aansporing, ingelui met: *Daarom* (kyk 12:1, 12). Waar God met sy tugtiging aan die mens werk (12:5 — 11), moet die mens volle voordeel daaruit trek deur sy eie traagheid te oorwin (kyk Jes. 31:18, 19). Verslapping is sonde wat oorwin moet word (12:3) en tog kan dit so maklik in die Christenlewe insluip. Die *slap hande en verlamde knieë* is van mense wat hulle nie meer wil inspan nie. Nie net vir hulleself nie maar ook vir andere moet die paaie reggemaak word (Spr. 4:26). Veral as 'n gebreklike op 'n pad met hindernisse loop, kan verdere verkranking volg (12:13).

God se doen met die mens moet net tot gevolge in menseverhoudinge lei. Wie God ontmoet het én dieselfde bly, het waarlik nog nie tot die geloof gekom nie. *Vrede moet nagejaag word* — met medegelowiges en sover as moontlik uitkringend (12:14; 1 Pt. 3:11; Rm. 12:18). *Najaag* is selfs sterker as *soek.* God werk deur sy Gees die heiligmaking (1 Kor. 6:11) en sit die mens heiligend in sy eie lewe aan die werk. Om voor God te kan verskyn, is die heiliging noodsaaklik (kyk 10:19 — 22).

Daarby kom dan dinge wat vermy moet word (12:15, 16).

✶ Dis moontlik om nié volle gebruik van God se genade te maak nie (4:16; Mt. 6:30 — *kleingelowiges;* 2 Kor. 6:1; Gal. 5:4, 7) en 'n gelowige moet dus nie gebrekkig van die genade gebruik maak nie.

✶ Die idee van die *wortel* is dat dit kan groei en dat verkeerde dinge so al meer posvat.

✶ Die waarskuwende voorbeeld van *Esau* mag nie navolging vind nie (12:16). Direkte gegewens oor hoerery by hom het die Skrif nie — buiten ontrou aan God ook met sy twee vroue (Gn. 26:34). Wel sy onheilige optrede: om God se seën en beloftes te minag. Daar was later by Esau wel spyt (oor die gewin wat hy laat vaar het), maar geen *berou* nie — en by God is daar beslis 'n te-laat (Mt. 7:23; 25: 12).

Hierdie sake geld in die onderlinge toesig van gelowiges onder mekaar — die *pas op* geld vir almal (12:15).

## Nog genadetyd

Die dringendheid van die regte keuse deur die Hebreërs word beklemtoon deur in Israel se geskiedenis terug te kyk en deur 'n vergelykende kontras tussen twee bedelings.

- Die eerste het te doen met die wetgewing. Sinai word nie by naam genoem nie. Wel word sewe dinge genoem (12: 18 — 19). Ons lees nie (Ex. 19, 20, 24; Dt. 4) hoe Moses *verskrik* was nie (12:21), behalwe dalk as deel van die volk. Die feit dat die volk nie direk na God wou luister nie en dat hulle bevrees was omdat selfs 'n redelose dier gestraf moes word, word later (12:25) met 'n draai anders toegepas.
- Wat van die Nuwe Bedeling gesê word, oortref ook al weer die gewoon aardse (12:22 — 24; Gal. 4:24e.v.). Daar is dinge uit Jesus Christus se lewe: *berg Sion* (deel van Jerusalem) en sy bloedstorting. Dit word egter getransendeer met die noem van die

*hemelse Jerusalem, engele,* verlostes van eeue *(feestelike vergadering, geeste van volmaakte regverdiges)* en *God, die Regter* (of die Regter wat God is). Die groot teenstelling hierby is:

... Sinai — God het verskrikkend opgetree.

... Sion — God openbaar Hom genadiglik.

Verder het *Abel se bloed* om vergelding oor die sonde van sy broer geroep, maar Jesus se bloed is tot versoening oor die wat glo.

Die aardse Sion word ook oortref deur die heerlikheid van die hemelse — wat van die lewende God is (teenoor dooie afgode).

Israel het, verskrik deur God se verskyning en strengheid, die afstand verkies. Nou word die Hebreërs gewaarsku: hulle het gekom by die nuwe Jerusalem en moet God nie afwys nie (12:25). Dit gebeur as die gawe van Christus nie aanvaar word nie. Deur Christus spreek God uit die hemele en met hemelse volheid. Israel was steeds hardkoppig en sondig en wou nie na God luister nie. Nou is dit nog genadetyd deurdat God nuut begin het en oorvloedig in Christus gee. Hoeveel erger is dit nie om Hom af te wys en sy gemeente te verlaat nie!

## Nog 'n skudding

Israel sal nooit vergeet wat by Sinai gebeur het nie. Selfs vandag nog is die Jode druk doenig met die Tora of Wet. Daarby het God sy mag en heerlikheid laat sien (Ex. 24:10) en sy gedugte stem laat hoor (12:26). Vanaf Sinai spring die skrywer as 't ware bo-oor die eerste koms van Christus heen na sy wederkoms. God het die aarde laat skud; veel meer sal aarde én hemel by die wederkoms aan die bewe gaan. Hoeveel te meer dan nie die klein mensies op aarde nie?

Ons moet daarop let dat by Jesus se opstanding het die aarde ook geskud en die wagte was verskrik (Mt. 28). Hoeveel te meer sal mense nie vrees nie as Christus in sy heerlikheid terugkom — om alles wat sondig is weg te brand en die tydelike om te sit in wat bly (12:26, 27)? Die derde keer in hierdie hoofstuk staan dan *Daarom* — asof die skrywer wil sê: *Verstaan tog ! Hoor tog!*

Die Christene van toe én van alle eeue het 'n *onwankelbare koninkryk ontvang* (28). Weer God wat gee, uit genade. Waarom sou die Hebreërs of ons op 'n afgewerkte of vervulde ou bedeling en pogings tot self-verlossing terugval? Gepas is dus om na God se stem in die woorde en dade van Jesus Christus te luister — en dankbaar te wees. Ook om God *met eerbied en vrees te dien.*

Nooit mag ons egter die fout maak om God as vanselfsprekend of as op óns vlak te aanvaar nie. God is en bly *'n verterende vuur* (12:29; Dt. 4:24; 9:3; Jes. 4:4; *10:* 17; 30:33; 33:14). Daarom mag ons met God of sy Christus nooit gemeensaam word of omgaan nie (bv. *Liewe Here* of *Vriendelike Jesus).* God het in Christus naby ons gekom, maar Hy is en bly God. Sy heiligheid word in sy genade geopenbaar, anders brand dit teen die sonde. Hoe wonderlik dat ons dié God mag dien!

# Hebreërs 13

## Lewe wat leer versier

DIE regte leer is noodsaaklik vir Christenwees. Maar regte optrede is weer 'n bewys en versiering van die leer. In vandag se taal gesê: 'n Goeie lewe is 'n advertensie van die regte leer en wys in finale sin na Christus toe. Die aksent in *Hebreërs* 13 lê eintlik op die geloof in die praktiese lewe, dog steeds deurwas met aspekte van die leer.

Laat ons op die volgende let:

* *Broederliefde* (in Grieks: *Philadelphia* — 13:1). Dit bind individue in 'n gemeenskap saam en hou in: vriendelikheid, simpatie, hulpvaardigheid (Ps. 133:1; Rm. 12:10; 1 Tess. 4:9; 1 Pt. 1:22; 2:17; 1 Jh. 3:16). Christus het Hom vir die mense gegee en noem hulle broers (2:11) en daardeur het hulle met mekaar 'n verband. In tyd van vervolging (10:33) kan so iets maklik skade ly en daarteen moet hulle waak. Dit mag nie bly lê het nie, selfs al was die beoefening gevaarlik.

✶ *Gasvryheid* (13:2) was nodig toe herberge nie volop nie of sedelik aanstootlik was, terwyl Christene toe al rondgetrek en rondgejaag is (Hd. 18:2, 9; Rm. 16:3; 2 Tm. 4:19). Gasvryheid kon weer die Christene oor 'n wye terrein saambind. Direkte beloning was daar nie, maar God sien dit en diens aan die koninkryk word gelewer (Hd. 16:15; Gn. 18).

✶ *Meelewing met gevangenes* (13:3). Dit was daar (10:34), maar kon ingesink het. Daar moet solidariteit met hulle wees, veral as hulle oor hulle geloof sit (kyk 13:23 — Timoteus) — en in daardie tyd dikwels op sorg van buite aangewys was om aan die lewe te bly. 'n Christen verplaas hom in die ander een se toestand en dra vreemde leed soos sy eie, ook daarvan bewus dat hy in dieselfde verdrukking kan beland.

✶ *Gesonde seksuele verhoudinge* (13:4). Net die Joods-Christelike godsdienste plaas die geslagsverhoudinge onder 'n gebod van God, terwyl die Christelike godsdiens vrou én man bind. *Kent* sê hoereerders wys op verhoudinge vóór die huwelike en *egbrekers op* sonde deur getroudes. (Kyk 1 Tess. 4:3 — 6.) Meteen kry die positiewe waarde van die huwelik beklemtoning.

✶ *Los van geldgierigheid* (13:5) — en hierdie woord sê: *nie-phila(liefde)-vir-geld.* Broederliefde word aanbeveel; geldliefde afgewys. Miskien was dit spesifiek nodig waar daar skade aan hulle eiendom was (10:34) en waar die gerigtheid weg van mekaar en op aardse goed was. Hoe dikwels ook gaan behoefte aan geld en onsedelike praktyke (13:4) nie saam nie !

Daarteenoor moet hulle met God se sorg tevrede wees en steun op sy heerlike beloftes. Dit word beaam in die antwoordende belydenis (volgens Ps. 118:6) van *ons* of die gemeente: Die Here help, mense-aanvalle deer nie (13:6).

## Hulle bring die Woord

Die diens deur *voorgangers* kom nou ter sprake — dié wat reeds oorlede is (13:7) en die wat nog daar is (13:17). Dit omvat in hierdie skrywe 'n gedeelte wat saamgelees kan word.

Die *Voorgangers* dui op 'n bepaalde kerklike organisasie, al was dit huisgemeentes (Rm. 16:5, 14) — en was as woord bekend in Rome. Nie net in die Ou Bedeling (Hb. 11) was daar troue geloofshelde nie, maar ook aan hierdie lesers was sulke gelowige voorgangers bekend. Dit dui ook op 'n tydsverloop, omdat dié mense die Woord gebring en reeds weggeval het (2:3). Hulle was getrou, tot in die dood — dalk vir die geloof? — en is dus ook navolgenswaardig (Filp. 3:17; 2 Tess. 3:9; Tit. 2:7). Wat iemand tot voorganger stempel, is nie sy eie belangrikheid nie, maar dat hy die Woord bring en dit alleen gee gesag.

Die gemeente moet hulle aan hierdie manne onderwerp (13:17), ook omdat hulle ter wille van die gelowiges *waak* — nie oor hulle tydelike belang nie, dog oor hulle ewige lot. Is die reaksie van die gemeente traag of vol verset, dan bemoeilik dit hierdie manne se werk. Hulle sug onder die las en kan nie vol vreugde arbei nie — en daardeur ly die gemeente geestelik skade.

Maak ons genoeg nie net die voete en hande van ons predikant nie, maar ook hulle hart los tot diens?

## Genoeg en vas

Mense kom en gaan, selfs voortreflike voorgangers wat vir ons onmisbaar lyk. Wel omdat Christus self daaragter staan en bly. Hier volg 'n oorgang van die leraars na die leer en die lewende Christus wat alles waarborg (13:8). Die voorgangers mag wegval, maar Jesus Christus is altyd beskikbaar. Hy hoef nooit vervang te word en sy werk hoef nooit aangevul te word nie. Daarom is die geloof in Hom 'n blywende saak en by dié mens wat ernstig daarmee besig is, groei dit net aan.

Dit gaan hier om Jesus Christus, in sy historiese verskyning. Wat voorheen van God self gesê is (Ex. 3; Ps. 102:28) word nou toegepas op Jesus uit Maria gebore (1:6, 12). Hy is die ewigheid van God deelagtig. Hy het vir die gemeente gely en staan nog vir hulle in, sodat hulle geen vrees behoort te hê nie.

Daarom is dit onvanpas dat allerlei leerdwalinge, wat verward of bont of saamgeflans en vreemd is (13:9), hulle van koers af laat gaan (Ef. 4:14). Veral nie deur allerlei leerdwalinge wat op uiterlike seremonies teruggryp *(voedsel)* nie. Die eenvoudige maar volledige genade in Christus is genoeg en hoef nie deur allerlei besondere of vreemde byvoegings opgesmuk te word nie.

## Christus alles oortreffend

Die sprake van die *altaar* wat *ons* het (13:10, 11) is een van die moeilikste dele van *Hebreërs* om die presiese bedoeling daarvan te bepaal. Daar bestaan verskeie pogings om dit te verklaar. Die volgende wat dit nié is nie, kan gestel word:

- 'n *Altaar* waarby nog diens gedoen en diere geoffer word, sou teen die hele uiteensetting in *Hebreërs* ingaan.
- 'n *Tabernakel* het net in die woestyn en tot met die tempelbou bestaan en dié skadudiens is in elk geval deur Christus se volheidsoffer voltooi.

Meerdere kere is aan hierdie mense geskryf: *Ons het* (4:14; 8:1; 10: 19) en nou weer. Dit was alles oor Christus en sy band met die Christengelowiges. Daar is geen rede om dit hier anders te lees nie. Hierdie uitspraak het beslis ook te doen met die groot Versoendag of *Jôm Kippoer* (Lv. 16) — let maar op die *want* (13:11). Op dié dag is geen deel van die offervleis deur priesters of volk geëet nie, soos dit wel by ander offers gebeur het (kyk Dt. 12). Dit kan ook wees dat daar 'n verband met die voedsel bestaan (13:9). Sommige wil hierin 'n verwysing na die nagmaal sien, maar dié kom nie in hierdie boek ter sprake nie.

Hier moet wel 'n verwysing wees na Christus en sy volheidsoffer en die feit dat Hy altyd daar is om sy volk te help en vir hulle in te tree. Die Christene het nie iets sigbaars om aan vas te hou nie, maar het oneindig meer deur hulle geloofsband met die onsigbare Christus.

Die vervolg (13:12) dui dan ook aan hoe Christus vir sy volk ingetree het. Soos die liggaam van die dier buite die laer verbrand is, het Hy buite die poort gely — hoewel dit nêrens uitdruklik staan dat Jesus buite die poort gekruisig is nie (kyk Mt. 27:32; Mk. 15:20; Jh. 19:20). Die beeld word ook nie in alle trekke suiwer oorgedra nie — sy bloedstorting bring versoening, terwyl die bloed *in* die heiligdom gestort is en die res van die dier buite verbrand is.

## Offers wat God vra

Sekere praktiese riglyne word dan hieruit getrek:

◇ *Uitgaan na Jesus* (13:13). Hierby is ook talle verklarings. Maar let op Moses wat die smaad van Christus gedra het (11:26). Christus is deur sy volk uitgewerp om, soos hulle gedink het, die volksliggaam heilig te hou. Maar die heilige kring is nie meer die Jode nie dog die kerk van Christus. Dié keuse moet gemaak en bevestig word.

◇ Onthou: *hier geen blywende stad nie* (13:14). Veral as die lesers in Rome was (soos vermoed word) — en wat die ewige stad genoem word — is dit betekenisvol. Die Ou Bedeling en enige aardse sekerheid val weg. In die geloof wag Christene op die toekoms.

◇ *Lofoffers* moet nog *gebring word* (13:15). Die aardse altaar funksioneer nie meer nie, maar soos altyd gevra is (1 Sm. 15:22), moet die hart en dank aan God in die lewe voortgaan. Christenwees beteken offerend lewe, met die hele hart aan God gewy en dan loop die lippe oor van lof.

◇ *Goed doen* (13:6) moet volg uit vernuwing deur die geloof in Christus (1 Jh. 13:17, *18).* Die Here Jesus het Homself prysgegee en roep ons op om in sy voetspore te volg (2 Kor. 8). Die woord *mededeelsaamheid* is in Grieks *koinonia* en hou in die idee van deel hê en gemeenskap, in goedere (Hd. 4:32), maar ook in toesien op en steun van mekaar.

Vloei dié lewenshouding voort uit die geloof, dan het God behae in sulke offers ! Juis omdat dit *deur Christus* (13:15) aan God gebring word.

## Gebed en genade

Die skrywer vra: *Bid vir ons* (13:18) en kan daarmee net op homself wys (5:11; 6:9, 11), maar dit verwys stellig na ander wat ook aan die lesersgemeente bekend is (13:23). Hy vra plek in hulle gebede. Hoeveel doen ons dit vir ons voorgangers vandag? Miskien is die sake wat hy in sy brief aan die orde gestel het vir hulle nie so aangenaam nie. Hy is egter oortuig dat hy met 'n goeie gewete die dinge aan hulle oorgedra het — omdat dit oor God se Woord en die waarheid van verlossing gaan.

Op persoonlike noot sluit hy dan ook sy skrywe aan hulle af. Hy bid ook vir hulle — moontlik in 'n vorm wat destyds meer gebruik is. Eienaardig dat hy hier van Jesus se opstanding meld (13:20), terwyl hy gewoonlik vanaf die dood na die hemelse heerlikheid oorgespring het (5:8, 9) Wonderlik dat God deur sy genadewerk vir 'n oorwinnende lewe voorsiening gemaak het — en dat sy lofsegging net nie kan uitbly nie (13:21).

Weer vermaan hy (13:22). En is dit nie so dat mense nie graag waarskuwend aangespreek word nie — selfs nog in ons tyd? Maar hierdie *vermaning* hou ook *vertroosting* in — want dis dieselfde grondwoord vanwaar die naam *Trooster* (vir Christus en Heilige Gees — 1 Jh. 2:1 en Jh. 14:16) kom. Gelukkig 'n gemeente wat deur die vermaning ook vertroos kan word !

Dit gaan stellig om die bekende *Timoteus* wat ook aan hierdie Christene bekend was (5:23). Hy is los (uit gevangenis) of beskikbaar en die skrywer en hy sal hopelik spoedig kom. Die *voorgangers* (13:24) kan wees van huisgemeentes en deur hulle word ook al die gelowiges gegroet. *Dié van Italië* sê dat die lesers óf in Italië is óf 'n band het met mense wat vandaar af kom, sonder dat ons kan uitmaak wat presies die geval is.

Die volle rykdom van die Christelike geloof kan ook in een woord saamgevat word: *Genade* (13:25). Dit sê hy hulle in God se Naam toe!

# BOEKE GERAADPLEEG EN OM TE GEBRU1K

**BARCLAY, W.** — The letter to the Hebrews. Edinburgh, St. Andrew Press (1976, 1955) 202 p. (The Daily Study Bible).

**BRUCE, F. F.** — Commentary on the epistle to the Hebrews. Edinburgh, Marshall, Morgan & Scott (c1964). 447 p. (The New London Commentary on the New Testament).

**CALVIN, J.** — Commentaries on the epistle of Paul the apostle to the Hebrews; transl. & ed. by J. Owen. Edinburgh, Calvin Translation. Society, 1853. 448 p.

**DE KLERK. P. J. S.** — Die brief aan die Hebreërs. Pretoria, Van Schaik, 1951. 272 p. (Kommentaar op die Bybel, Nuwe Testament, 10.)

**GROSHEIDE, F. W.** — De brief aan de Hebreën en de brief van Jakobus. Amsterdam, Van Bottenburg, 1927, 429 p. (Kommentaar op het Nieuwe Testament, XII).

**GROSHEIDE, F. W.** — De brief aan de Hebreën. Kampen, Kok, 1935. 199 p. (Korte Verklaring der Heilige Schrift.)

**HOPPIN, Jean** — Priscilla, author of the epistle to the Hebrews. New York, Exposition Press (c1969). 158 p.

**KENT, H. A. Jr.** — The epistle to the Hebrews. Grand Rapids, Baker Book House (c1972). 303 p.

**KLIJN, A. F. J.** — De brief aan de Hebreën. Nijkerk, Callenbach, 1975. 149 p. (De prediking van het Nieuwe Testament).

**MICHEL, O.** — Der Brief an die Hebraer. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 1966. 564 p. (Kritisch-exegetischer Kommentar über das N.T, 13.)

**RICHARDS, L.** — The complete Christian; insights for life from the book of Hebrews. Wheaton, 111., S. P. Publications — Victor Books, 1975. 144 p.

**STEDMAN, Ray C.** — What more can God say; a fresh look at Hebrews. Glendale, Calif., G. L. Publications — Regal Books, 1975 247 p.